# *JEHOVA-JIREH*

. . .?. . .dit is inderdaad 'n voorreg wat ons het, vanaand, om in U Teenwoordigheid in te kom, daardie algenoegsame Naam van die Here Jesus, U Seun. En ons nader nou U Troon van genade in Sy Naam, in die wete dat U belowe het as ons enigiets in Sy Naam sou vra, ons dit sou ontvang. Ons vra U om besit van ons te neem vanaand, Vader, van ons praat, ons gehoor, ons begrip. Ons bid dat U seëninge sal gee aan elkeen wat by hierdie deure ingekom het, vanaand. Sluit ons in by U, Vader.

2 En ons bid nie net vir onsself hier nie, maar vir genade vir hulle wat in nood is regoor die wêreld. In die sendingvelde, dink ons vanaand, in 'n lieflike groot gebou soos hierdie, waarvoor ons dankbaar is, welgeklee, warm, en welgevoede mense, en om te dink in die sendingvelde dat manne van God, sonder 'n paar skoene aan, wat een bord rys per week eet, die Evangelie verkondig. O God, ek bid vir daardie manne. Help, O God, ek bid dat U hulle sal help, en dapper manne.

3 Wat sal ons doen, soos ons in die Bybel lees waar hulle rondgedwaal het in woestyne, en in skaapvelle en bokvelle was, behoeftig was, en almal van hulle wat die wêreld nie eens waardig was nie, en wat gaan ons getuienis wees in vergelyking met hulle s'n op daardie dag? Vader God, ons bid dat U ons sal skud met U Woord vanaand, en ons tot onsself sal bring, dat ons lewende stene mag wees, gepas in die Tabernakel van God.

4 Seën die pastoor hier, die diakens, die trustees, al die lidmate van die kerk, en die lidmate van ander kerke wat vanaand vergader het, en die pastore. Vader, ek bid dat ons almal sal weggaan en melodieë in ons hart sal sing as gevolg van U Teenwoordigheid. Ons vra, in die Naam van U Seun, ons Verlosser, Jesus Christus. Amen.

5 Julle kan maar sit. Ek vra om verskoning dat ek julle 'n bietjie laat gehou het gisteraand, maar omdat dit 'n genesingsdiens was, neem dit partymaal net 'n bietjie langer. En die Heilige Gees wat onder die mense begin werk het, en toe moes ek net stop . . . Lyk asof wanneer jy, 'n diens hou en dit nie voortsit op . . . Hierdie is soort van 'n bietjie ander roetine as waardeur ek gegaan het, en so het ek net 'n bietjie te lank gepraat om die onderwerp te probeer oorbring vir die mense, sodat hulle kon sien vir die genesing.

Het julle die Teenwoordigheid van die Here geniet gisteraand? Hy—Hy's wonderlik, Hy is beslis.

6 Nou, vanaand . . . Ek het gisteraand gedink aan Sy Teenwoordigheid, en aan Sy Teenwoordigheid om te genees. En—en natuurlik, ons, julle kon, toe die salwing getref het, kon

jy kritici van oral af voel, julle weet, maar ons verwag dat, julle sien, dit moet daar wees. Waar die seuns van God ook al vergader is, sit Satan iewers, sien, onthou net. O, ek weet dit uit lang ondervinding.

7 En partymaal wanneer jy dit by 'n punt kry waar jy sukkel, deur daardie klankgrens kan breek as 'n. . . Hulle sê vir my, wanneer 'n vliegtuig deur die klankgrens probeer kom, skud dit net amper die boute daaruit, maar na dit deur daardie klankgrens is, is dit alles reg, dan kan dit net gemaklik voortgaan. As ons net deur daardie statiese van—van bygeloof en dinge kan breek, dan begin die Heilige Gees net oral val, en, soos salwing, en net die mense seën. Maar soveel mense van vandag is so vertroetel, net gestreel, *vertroeteldes*.

8 Ek het eenkeer 'n visioen gesien by Tulsa, Oklahoma, waar ek net 'n diens gehou het in 'n groot ouditorium. En—en een man, wat êrens 'n prediker was, is uitgeroep in die diens, ek glo 'n Baptiste prediker, en hom begin vertel van sy lewe. En een van die plaaslike, borgpastore het hierdie man geskakel, en hom gevra: "Was dit so? Het jy Broer Branham ooit geken?" Nie geweet dat ek alles daarvan sou weet in my hotelkamer nie. Sien?

9 Maar, en dat ek, nadat die Here aan my geopenbaar het dat wat hy gedoen het, wel, toe het ek gekyk, en soos een van die manne afgegaan, en gesê het: "Nou, Broer Branham, wanneer hy onder die salwing is, is 'n dienskneg van die Here, maar sy teologie is nie goed nie." Gesê: "Hy's 'n profeet wanneer die salwing op hom is, maar," gesê: "wanneer die salwing van hom af is," gesê: "o, sy teologie is nie goed nie."

10 'n Man wat 'n stelling soos daardie sou maak, weet nie eens wat die woord *profeet* beteken nie. 'n *Profeet* beteken: "'n Goddelike openbaarder van die Woord." Sien? En hierdie tekens is 'n bevestiging dat dit is wat die waarheid is. Sien? En, maar, net daar is waar jy kom, daardie denominasies hulle tot *so* 'n mate bind, dis—dis regtig erg. En toe 'n man daaronder wat so gepraat het, en reguit afgeloop het, my hotelkamer, en hom vertel het wat hy gesê het. Wel, jy kry dit net so.

11 Natuurlik kan julle sien, baie mense nou, sal nooit die stryd ken totdat ons aan die ander Kant kom nie, dan sal dit geopenbaar word wat dit, die prys wat betaal is. Waar, dit langs die tafel sit met mense, en in die publiek by mense, en daardie dinge sien, en iemand jou op die rug klop, sê: "Broer Branham, ons is beslis vir jou," en sonder om te weet, net daar, dat ek weet dis 'n leuen, sien, want ek kyk net reguit na hom, kan net presies sien wat dit is. Sien? En dit maak dit beslis moeilik. Ek. . .

12 Dink julle hierdie dinge is baie maklik, en 'n blombesaaide bed van gemak? Maar dit is nie, vriende, dis 'n *stryd*. O, goeiste! Ek sal dit liewer nie wil weet nie, ek—ek sal dit liewer glad nie wil weet nie. Ek wil net 'n plek voel waar ek dit nie eens sien,

of enigiets nie, net sodat ek net kan voortgaan, julle weet. En as jy weet dat die persoon jou iets vertel wat verkeerd is, dan weet jy, hy wat daar staan, of sy, of wie dit ook al is, wat probeer om dit so eg te laat klink, en tog, net daar, kyk jy na 'n visioen, dit presies verkeerd is wat hulle sê, dan weet jy dit, en dit, dis beslis 'n moeilike ding.

13 Maar elkeen van ons het 'n werk om te doen, elkeen van ons het 'n bediening, en die eienaardigheid daarvan, ensovoorts, dit is alles saam om God te verheerlik, alles wat saamwerk ten goede.

14 Nou, die Here wees met ons en help ons. Ek het gedink, het dit 'n paar dae gelede gesê, dat ek gedink het ek sou begin by die vier perderuiters van Openbaring, omdat die Heilige Gees so grootliks geseën het met daardie dienste by die huis 'n paar weke gelede, op die vier, of, die sewe laaste kerktydperke, die predikers, of, die engele van daardie kerktydperke, en hoe Hy dit geseën het.

15 Maar toe het ek begin dink, ek beter miskien 'n klein entjie teruggaan en—en soort van die kerk vestig, as gevolg van sommige dinge wat die Heilige Gees. . .Ek kan net praat met inspirasie, dis al wat ek ken, wag net vir Hom om dit te sê, of, dit vir my te gee, en ek sê dit, dis al wat ek ken.

16 En ek het vir julle pastoor gesê vanmôre in die kamer, dat ek baiekeer dinge sê wat my net amper doodmaak om dit te sê, maar iemand het gesê: "Jy gaan jou bediening skaad deur dit te doen." Hoe kan ek sê wat Hy nie sê nie? As iemand hulle nie vertel nie, wat gaan gebeur? Watter soort van 'n. . .? Julle sien wat, daar was nou te veel verwaarlosing daarvan. Sien? Dis wat die kerk nou in so 'n toestand is, daar's te veel verwaarlosing daarvan. Iemand moet uitroep teen die verkeerde, dis nie asof jy uitroep teen die mense nie, dis die verkeerde waarin die mense versmoor is, om iemand anders te probeer naboots, of *hierdie* te doen, of so-iets, en nie na God kyk nie. Sien?

17 Maak nie saak hoe. . .As 'n persoon na my gekyk het as 'n voorbeeld, julle moet dit nooit doen nie, ek het te veel verkeerde dinge in my lewe. Kyk julle na die ware Voorbeeld, Jesus Christus, Hy was die Voorbeeld. Moenie na mekaar kyk nie, kyk na Hom, sien, Hy's die Een om na te kyk.

18 Nou, toe het ek gedink ek sou teruggaan vanaand, en soort van posisioneel die Kerk in die Skrif geplaas kry voor ons in hierdie ware, harde, sterk Doktrine van die Boek van Openbaring inkom. Wat is, die Boek van Openbaring, die Griekse woord *apokalips*, wat beteken "die ontsluiering," 'n sluier van 'n standbeeld af te haal, eintlik, wat die Grieks daarmee bedoel, die sluier van 'n standbeeld af te haal, en die mense te laat sien wat gemaak is. En dit is die openbaring van Jesus Christus in Sy kerke. Dis wonderlik, want dit druk uit wat Hy is in elke tydperk.

En jy kan dit in die vorige tydperke sien, was net perfek, presies, en so is dit in hierdie tydperk, sien, net wat Hy is.

19 Nou, laat ons Hom glo, laat ons Hom glo met ons hele harte. En, julle sien, die ding daarvan is, dit gaan verby ons en ons, dan is dit verby, en ons wonder waarheen dit gegaan het. Sien, en dan kyk ons terug, en, op die uur van ons dood, en kyk terug, dink: "Wel, as ek sou—sou . . . " Sien, dis dan te ver heen, net soos dit in elke tydperk so was, en die Bybel sê dit sal so wees in hierdie tydperk.

20 Een van die mees patetiese dinge wat ek ooit in die Bybel gesien het, die Bybel wat voorspel het, was hierdie kerktydperk. Hierdie is die verskriklikste kerktydperk van al die kerktydperke. Elke kerktydperk . . . Kyk na Openbaring, in die Laodicése, die Pinkster kerktydperk, dat Christus uit Sy Eie kerk uitgesluit is, aan die buitekant gestaan het, besig om die klop, wat probeer terugkom in Sy Eie kerk in. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.]

21 Nou, dit het gelyk soos 'n oproep aan sondaars, maar dis 'n kerktydperk, die Laodicése eeu. Hy was uitgesluit deur die organisasies, en dinge, hulle het Hom uitgesit, en hulle het die dinge van die wêreld opgeneem, en Hy het gesê: "Ek staan by die deur, en klop." Van Sy Eie kerk! Geen ander tydperk het dit gedoen, behalwe hierdie tydperk nie, so julle sien waar ons staan. Enige ware, goeie, geestelike verstand kan dit begryp, en dit optel, en daarmee saamstem, julle sien, want julle sien waar dit is.

22 Baie, baie min van hierdie tydperk sal geneem word, soos ons dit ken. Baie mense soek na groot groei, uitstorting, en dinge, onthou net, merk dit in julle Bybel: Julle sal dit nie sien nie, dis SO SPREEK DIE HERE. Sien? Julle sal dit nie sien nie. En dis, die kerktydperk eindig nou, hierdie is die uur, sy is net omtrent klaar, en God wat Sy Kerk trek.

23 En Hy het daardie Laodicése voorspel, louwarm genoeg om uit die mond te spoeg, en dis net presies die tydperk waarin ons lewe, alles wat net reg hang vir die eindtyd, en alles. Ons sien die kerk in daardie toestand, slap, louwarm, genoeg om, "Wel, dit lyk baie mooi, baie goed. Miskien sal ek weer terugkom aan die einde van die week." Sien, daar is dit, dis die gesindheid van die kerk. Dis op daardie tyd dat God een *hier* kies, en *daar*, en een op die land, en een, sovoorts, om te neem.

24 So soos ons sien dat ons daardie tydperk nader, laat ons onsself vestig op God se Woord. Kom op God se Woord, God se Gees in die Woord, en laat ons lewende stene word, wat opgebou is in die huis van die lewende God.

25 Nou, vanaand, wil ek 'n gedeelte van die Skrif lees wat gevind word in Génesis die 22ste hoofstuk en die 14de vers:

*En Abraham het* die *plek Jehova-Jireh genoem: soos gesê is . . . Op die berg van die* H*ERE . . . sal wees . . .* en tot vandag toe.

26 Nou, *Jehova-jireh* beteken: "die Here sal vir Homself 'n offer voorsien."

27 Nou let op, ons gaan terug na Génesis vir 'n studietjie vir omtrent dertig minute, of veertig, dan môre-aand sal ons dit weer optel, dan Saterdagaand, dit opbou. En ek wil hê julle moet die Skrifte merk, as julle wil, en ek het 'n paar van hulle gemerk hieronder op 'n bladsy, op my papier, en, as ek hulle kan gebruik, waar hulle is. En ons wil bestudeer, en net soort van 'n —'n Bybelstudie doen in die Woord.

28 Nou, dit is, natuurlik, waar ons dit noem, God het die sewe saamgestelde, verlossingsname, *Jehova-Jireh*: "die Here sal 'n offer voorsien"; *Jehova-Rapha*: "die Here wat genees"; en "die Here ons Vaandel"; "die Here ons Gordel," ensovoorts. Hy verskyn in Sy saamgestelde, Verlossingsname.

29 En dis . . . Toe die Engel van die Here verskyn het daar in Houston daardie tyd, toe die Baptiste prediker gedebatteer het met Broer Bosworth, het hy hom net daardie een vraag gevra, hy het gesê: "Dokter Best, ek sal jou vra: Was die saamgestelde Name van Jehova van toepassing op Jesus, *ja* of *nee*? Antwoord my net, *ja* of *nee*."

30 En hy wou dit nie doen nie, want, sien, as hy *ja* gesê het, dan, kan jy nie Sy saamgestelde Name skei nie, so as Hy *Jehova-Jireh* is, die Here se voorsiende Offer, is Hy ook *Jehova-Rapha* wat al ons siektes genees. So, en as Hy nie *Jehova-Rapha* is nie, is Hy ook nie *Jehova-Jireh*, ons Verlosser nie. So as Hy nie God se voorsiende Offer is nie . . . So jy kan hulle nie skei nie. Dit het dit afgehandel, dit was net—net een Skrif wat dit gekos het om dit af te handel.

31 Nou, die rede waarom ek gekies het om terug te gaan in Génesis, want die woord *genesis* beteken: "die begin." En daar's nie 'n godsdiens op die aarde vandag, daar's nie 'n sekte op die aarde vandag, daar is niks op die aarde vandag wat nie uit die Boek van Génesis verklaar kan word nie. Dis die saadhoofstuk, gaan terug na die saad.

32 Nou, as julle wou sien wat enigiets is, kyk waar dit vandaan gekom het, volg dit terug na die saad. Nou, ek gaan terug om die Kerk na te spoor, die ware Kerk, voor ons in die Openbaring begin, as die Here dit gee, om julle te laat sien wat die ware Kerk is, waar dit begin het.

33 Nou, ons kan al die pad in Kain en Abel ingaan, daar was presies, begin, daar was Kain, 'n godsdienstige man, daar was Abel, 'n godsdienstige man. En Abel en Kain, wat albei broers was, het gekom en elkeen 'n altaar gebou aan die oostekant van die Eden-poorte, daar het hulle albei God aanbid, hulle het albei

offerandes gemaak, hulle het albei kerke gebou, of, altare, en albei aanbid.

34 As jy 'n kerk bou, opoffering maak, jou tiendes betaal, en al die res, en selfs God aanbid, word dit nie gereken as geregtigheid, totdat, tensy jy God se voorsiende weg daarvoor volg nie. Want as dit net so was dat jy kerk toe gegaan het, sodat jy behoort het aan, sodat jy jou tiendes en offerandes inbetaal, en offerandes gemaak het om jou kerk te bou. . .Dis lojaal, dis alles reg, dis alles godsdiens, maar steeds het God Kain s'n geweier, elke offer wat hy gebring het, en Kain was net so godsdienstig soos Abel was.

35 So as om godsdienstig te wees, en—en kerk toe gaan, en te betaal vir die kerk, en 'n opoffering maak, en—en jou tiendes inbring, en God aanbid, as dit al is wat God vereis, was Hy—was Hy, 'n wrede ding gedoen om 'n man te veroordeel wat Sy vereiste nagekom het. Dis reg. Maar, julle sien: "Daar is 'n weg wat reg lyk vir 'n mens, maar die einde daarvan is die weë van die dood." Sien? Nou, daar's 'n weg wat God kom, en dis die enigste manier wat jy ooit daar gaan inkom, is om te kom op die manier wat God vir jou voorsien het. Dis reg.

36 En die hele Bybel is gebou, geheel en al, op openbaring; die Kerk is op openbaring, openbaring van die Woord. Nou, onthou, hoe het Abel 'n beter offer aan God geoffer as Kain? Dit is aan hom geopenbaar. Om dit te bewys, in Matthéüs, glo ek die 12de, die 16de hoofstuk, het Jesus gesê: "Wie sê die mense is Ek, die Seun van die mens?"

En sommige van hulle het gesê: "'U is Moses,' en sommige, hulle is: 'Elía,' en sommige: 'die profeet,'" ensovoorts.

Hy het gesê: "Maar Wie sê julle?"

37 En Petrus het gepraat, vinnig, en gesê: "U is Christus, die Seun van die lewende God."

38 Hy het gesê: "Geseënd is jy, Simon, seun van Jona, vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar My Vader wat in die Hemel is, het dit aan jou geopenbaar. Jy is Petrus, en op hierdie rots sal Ek My Kerk bou, en die poorte van die doderyk kan Dit nie oorweldig nie."

Nou, nou, die Katoliek sê Hy het Dit op Petrus gebou, omdat hy 'n klein rotsie was. As dit so is, het hy 'n paar dae later teruggeval. Sien?

Julle sê: "Hy het dit gebou. . ." Protestante sê Hy het Dit op Homself gebou: "Hy is die Rots," dit is nog steeds verkeerd.

39 Hy het dit gebou op die geestelike openbaring. "Geopenbaar, vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar My Vader wat in die Hemel is, het dit geopenbaar." Dis waarom Hy vir Petrus die sleutels van die Koninkryk gegee het, hy het die openbaring gehad van Wie Hy was. "Op hierdie rots sal

Ek My Kerk bou, en die poorte van die doderyk kan Dit nie oorweldig nie." Dis reg, die geestelike openbaring van die Here Jesus Christus.

40 Wanneer God Hom bekend gemaak het aan jou as 'n Persoon, as jou Verlosser, as jou God, as jou Verlosser, as jou Geneser, as jou Koning, dis Wie die . . . hoe die geestelike openbaring kom.

41 Nou, ons gaan terug om Abraham te behandel vanaand, want hy was die een vir wie die belofte gegee is. Nou, ek lees uit Génesis die 22ste hoofstuk en die 14de vers, maar ons gaan eintlik terugblaai na Génesis 12 om te begin, want Abraham, die begin van Abraham, hy het van Babilon af gekom, van Sinear af, en in die valleie gewoon.

42 En ons weet van Babilon, hoedat Nimrod die eerste een was wat probeer het om 'n organisasie te maak. Hy het 'n groot godsdienstige beweging georganiseer en al die kerkies laat hulde bring aan hom, aan hierdie groot stad van Babilon, en 'n toring daar gebou wat opgegaan het in die hemele, ensovoorts. Hy het gedink hy, met sy eie gedagtes het hy gedink dat hy iets kon doen wat die mense sou red.

43 Maar jy, daar's nie 'n ding wat jy kan doen om jouself te red nie, daar's nie een ding nie, jy moet net op die genade van God vertrou om dit te doen. Jy kan nie jouself red nie, ek gee nie om hoe godsdienstig jy is, en hoe goed jy probeer wees, en al die gebooie onderhou, en alles, dit sal nie een ding beteken nie, daar's nie een ding wat jy kan doen om enigiets te verdien nie. Jy's net eenvoudig verlore, en dis al daarvan. Daar's nie 'n manier vir jou nie, te doen nie, jy moet Sy voorsiende metode aanvaar, dis Jesus Christus. Jy, en dis vrylik, jy hoef nie een ding te doen nie, maar net te aanvaar wat vir jou gegee is, nie 'n ding wat jy kan doen nie.

44 As ek, my das skeef was, en ek sou vir Broer Buntain sê: "Broer Buntain, ek sal jou 'n miljoen dollar gee."

45 En hy het gesê: "Dankie, Broer Branham, ek sal jou das regtrek," *soveel*. Ek het dit nie vir hom gegee nie, hy het iets gedoen. Sien? Hy het my das reggetrek vir 'n miljoen dollar. Sien, jy kan nie een ding doen nie. Daar's nie . . .

Mense sê: "Ek het net na God gesoek, en na God gesoek."

Nee, jy's verkeerd, my broer, geen mens doen dit nie, dis nie—dis nie jy wat God soek nie, dis God wat jou soek.

Jy sê: "Ek het gebid, ek het gevas, ek het na God gesoek."

Nee, God het na jou gesoek, want Jesus het gesê: "Niemand kan na My toe kom, as My Vader hom nie eers trek nie."

46 Hoe kan jy vir 'n vark sê hy was verkeerd deur afval te eet? Sien, hy's 'n vark om mee te begin, dis sy natuur. Dis wat jy was, 'n sondaar, so jy—jy's vervreemd, afgesny van God. Jy . . .

47 Hoe kon jy vir ’n luiperd sê sy kolle was nie reg nie? Sien? Hoe kon hy hulle lek om hulle te probeer afwas? Hy maak hulle net helderder. Dis hoe jy probeer maak, om ’n godsdiens te neem om jouself blink te vryf om ’n beter skepsel van jou te maak. Jy moet besef dat jy dood is, jy is glad nie goed nie, jy’s vuil, en God is die enigste Een wat jou kan help. Dis reg. Wanneer jy dit doen, dan kom jy naby aan die Koninkryk van God, wanneer jy jouself as niks ag nie, en net heeltemal op Hom staatmaak en die Heilige Gees jou laat lei. Dis . . .

48 Ek dink die Kerk is dood gepreek, die ding wat dit nou nodig het, is om terug te kom na lering, en hulle op ’n fondasie te kry, sodat jy sal weet hoe om jouself op te bou in—in Christus. En ons het ons kerke gebou op sensasies, en op verskillende dinge, maar ons kan op niks bou behalwe Christus nie, die openbaring van Jesus Christus, dis die enigste ding wat ons kan doen. In Hom is jy volledig, sonder Hom, is jy verlore, daar’s nie ’n manier in die wêreld vir jou om gered te word nie.

49 Nou, toe God vir Abraham geroep het, was hy net ’n gewone man. Ek wil hê julle moet weet, dat julle nie enige spesiale persoon hoef te wees vir God om te roep nie. God roep jou deur uitverkiesing, en Abraham is uitverkies.

50 Hy was vyf-en-sewentig jaar oud voor God hom geroep het. En hy het met sy halfsuster, Sara, getrou, en hulle het saamgewoon vir jare, en sy was onvrugbaar.

51 Nou, hy het afgekom saam met sy vader in ’n groep wat weggetrek het van Babilon, en hier afgekom na die Chaldeërs in die stad Ur. Miskien in ’n tent gewoon, soos hulle het in daardie dag, meeste van hulle, die arm mense. En hy, sy dieet was waarskynlik om bessies te eet, ensovoorts, en in die bos in te gaan en die dier te kry, en—en hy het ’n baie stil lewe gelei, maar eendag het God met hom gepraat. Nou, daar’s die verskil: wanneer God met ’n man praat. Hy mag godsdienstig gewees het, hy mag gewees het . . .

52 Wel, as enigiemand ooit Hislop se *Twee Babilons* gelees het, ensovoorts, en die antieke geskiedenis sien van hoe hulle ’n vrou daarbo gehad het wat ’n priester was, of iets, en hulle het wortels van bome gehad, en gode, en al die ander dinge wat die, soos Jakob onder hom gehad het, stam, toe hy weggegaan het van sy skoonpa, so hulle het allerhande vreemde idees gehad.

53 Maar God het Abraham as ’n individu geroep toe hy vyf-en-sewentig jaar oud was, en ’n verbond met hom gemaak.

54 Nou, ek wil hê julle moet oplet, toe God Sy eerste verbond gemaak het, die Adamverbond, Adamse verbond, was, het Hy dit gemaak tussen Hom en Adam, en die mens het reguit omgedraai en Sy verbond verbreek. En elke keer wat ’n man ’n verbond met God maak, verbreek hy dit.

55 Maar hierdie verbond is nie gemaak tussen God en die mens nie, God het hierdie verbond met Homself gemaak. Dis volslae genade, daar's glad geen—geen wet daaraan verbonde nie, Hy het nooit gesê: "As jy 'n sekere ding sal doen" nie, Hy het gesê: "Ek *het*. Ek *het* jou geseën. Ek *het* jou 'n vader van nasies gemaak. Ek *het*." Die verbond is volslae genade, daar's glad geen wet daaraan verbonde nie. Hoe pragtig is dit! Die enigste ding wat Abraham. . .

56 Nie net het Hy dit gemaak met Abraham nie, luister nou, Hy het dit nooit net gemaak met Abraham nie, maar sy Saad na hom, Abraham en sy Saad na hom. Die verbond is onvoorwaardelik aan Abraham en sy Saad gemaak.

Julle sê: "Wel, dit sou Jode wees?"

Nee, meneer, dis die nasies: "Ek het jou 'n vader van baie nasies gemaak."

57 Het julle opgelet sy naam was A-b-r-. . .-h-a-m, Abram, A-b-r-a-m, Abram. Toe, toe Hy sy naam verander het, het Hy vir hom 'n naam gegee A-b-r—A-b-r-. . .-h-a-m, *Abraham*, Sy Eie Naam, *Elohim*, in te neem, sien, hom 'n vader te maak. Hy's Elohim, en Hy het verander en 'n deel van Sy Naam op Abraham geplaas, want hy, deur die belofte sou kom deur sy Saad, vader van nasies, Abraham. Sy naam verander, deel van Sy Naam op syne geplaas, nou, hom 'n vader van nasies gemaak.

58 Nou let op, aan Abraham en aan sy Saad na hom, nou, nie aan sy *sade* nie, maar *Saad* na hom. Abraham het baie seuns gehad, maar die beloofde Een was deur Isak, en deur Isak het Christus gekom, die Koninklike Saad, die ware Saad van Abraham.

Nou let op, julle sê: "Wel, Broer Branham, wat is ons dan?"

59 As ons in Christus is, in Galásiërs 3, as ons in Christus is, dan is ons Abraham se Saad, en is saam met hom erfgename deur die belofte. Hoe kom jy in Christus? As jy dood is vir jouself, gebore in Christus, is jy Abraham se Sade en erfgenaam van die belofte saam met Abraham. Dan as jy Abraham se Saad is, kan jy net wees as jy die geloof het wat Abraham gehad het.

60 O, nou maak ons—ons gereed vir 'n ware genesingsdiens. Sien? Wanneer ons kan dink aan ons—ons belofte, kan God. . .

Sê: "Is daar vir jou gebid gisteraand?"

"Ja, ek was by die diens, iemand het hulle hande op my gelê."

"Is jy gesond?"

"Nee, ek het my genesing gemis."

61 Jy's nie Abraham se Saad nie, Abraham het dit geglo. Die Bybel het gesê hy het nie getwyfel aan die belofte van God deur ongeloof nie, maar was sterk, het God geprys.

62 Toe Abraham gesê is hy gaan hierdie baba kry by Sara, die eerste, ek verbeel my die eerste paar dae, of, die eerste dertig dae, het hy gesê: “Hoe voel jy, Skat?”

“Geen verskil nie.”

“Gaan dit in elk geval hê.”

Hulle het gereedgemaak, voorbereidings getref daarvoor. En soos die dae verbygegaan het, aangegaan het, aan, en aan, en aan, en aan, Abraham: “Hoe voel jy, Skat?”

“Geen verskil nie.”

“Ons gaan dit in elk geval hê.”

63 Hoe onmoontliker dit blykbaar was, Abraham het God geprys, want gaan ’n groter wonderwerk wees, as wat dit was as dit gebeur het toe sy sestig was. Amen.

64 En dan sê ons: “Ja, ek is Abraham se Saad, maar ek het my genesing gemis.” Abraham het enigiets teenstrydig met God se Woord ’n leuen genoem, hy het geweier om te kyk na enigiets behalwe wat God gesê het, dit was die waarheid. Maak nie saak wat die wêreld van hom gesê het, wat enigiemand anders gesê het nie, hy het geweet wat God gesê het, hy het vasgehou aan wat God gesê het. En dan sê ons ons is Abraham se Saad. O, genade!

65 “Ek het deur Broer Roberts se gebedsry gegaan, ek sal deur Broer Allen s’n gaan wanneer hy kom, dan wanneer Broer Branham kom, en die res van hulle, sal ek deur die ry gaan, kyk of ek my genesing kry.” Abraham se Saad! Genade! Geen wonder Hy het gesê Hy sou dit uit sy mond spoeg nie, dit het Hom siek op sy maag gemaak. Ja. O, goeiste!

66 Abraham se Saad neem God se belofte, en enigiets teenstrydig daarmee is ’n leuen, stap net aan. Nou, ons sien of ons Abraham se Saad is of nie. Ek kon die ding daarmee uitmekaar skeur as ek net wou, net nou. Ja, meneer. Hoe het Sara, self, gehoorsaam? As Abraham se vrou. Nou, maar Abraham se Saad glo die belofte, wanneer God enigiets sê, handel dit dit af vir altyd.

67 En onthou, nou, die volgende ding wat ons uitvind, dat Abraham, toe hierdie belofte aan hom gegee is, of sy Saad, was die enigste ding wat hulle moes doen om hulle verbond te hou, was om in die beloofde land te bly. Solank as wat Abraham in die beloofde land gebly het, sou die verbond werk. Nou, dis al wat hulle moes doen. Dis al wat Abraham se Saad moet doen, dis al wat jy hoef te doen.

68 As jy gevul is met die Heilige Gees, dan is jy Abraham se Saad. Dan as jy Abraham se Saad het, wat die Gees van God in jou is, wat jou laat glo soos Abraham, wat alles teenstrydig met God se Woord noem asof dit ’n leuen was, God se Woord is waar, twyfel nie aan enige belofte nie, hou net daaraan vas, daar is

dit. As jy Abraham se Saad is, dan is alles teenstrydig Daarmee verkeerd. Dis die Woord en die Woord alleen, daar staan ek.

Soos Eddie Perronet geskryf het:

> Gegroet die krag van Jesus Naam!
> Laat Engele net neerval;
> Bring uit die koninklike kroon,
> En kroon Hom Here van alles.
>
> Op Christus, die vaste Rots, staan ek;
> Alle ander gronde is dryfsand.

69 Dis Abraham se Saad, nie twyfel nie. “Maak nie saak hoe die toestand lyk, wat die wetenskap sê, wat enigiemand anders sê nie, Dis God se Woord en ek hou vas Daaraan,” dis Abraham se Saad.

70 Nou, sien julle waar die Pinksterkerk vandag is? So swak soos rivierwater. Dis reg, sleep net aan, asof vlieë van hulle afval. Herlewing begin: “Wel, ek kan nie so lank opbly nie, daardie prediker preek langer as ’n uur. Hoe kan ek dit doen?” O, jou arme verskoning, jou arme, ellendige ding! Noem jouself Abraham se Saad, wanneer Abraham verlang het om die Woord van God te hoor, het hy gebid, en hy het vasgehou totdat hy ’n belofte gekry het, daar het hy gebly, dis wat sy Saad ook doen.

71 Nou, wanneer het Abraham se Saad hierdie groot gemeenskap verloor? Toe hy afgegaan het in Egipte, het hy nooit sy verbond verloor nie, hy het sy seëning verloor. En dis wat, ek by julle mense probeer tuisbring, vanaand. Die Pinksterkerk het sy vorige seëning verloor, daar’s iets verkeerd, ons weet dit. Enigiemand wat ooit die geskiedenis van die Kerk gelees het, weet dat daar iets verkeerd is met die Kerk. Nou, julle het nie julle verbond verloor nie, maar julle het julle seëning verloor, kom terug na die beloofde land, kom terug op die Woord, kom terug na die Christus.

Hou op kyk, sê: “Ons denominasie is groter as hulle s’n. Hulle is ou aasvoëlneste, en ons is in iets wat . . . ”

72 Hou op om dit te doen, kom terug na die Here Jesus, kom terug na die ware Kerk. Steek julle arms uit vir elke gevalle broer, daar het julle dit, kom terug. God het nie Sy verbond van julle weggeneem nie, maar julle seëninge is weg, want julle het wêrelds geword, uitgegaan in die wêreld, en begin flankeer met die wêreld, dan is jy buite die belofte, maar die verbond hou nog steeds. Al ding wat julle moet doen, is om terug te kom, en dan . . .

73 En toe God hierdie verbond met Abraham gemaak het, onthou dit was onvoorwaardelik. En God het jou geroep, nie omdat jy ’n goeie persoon was nie, maar omdat Hy jou, onvoorwaardelik, geroep het en deur Sy genade, het Hy vir jou die Heilige Gees gegee. Jy was ’n Lutheraan, Presbiteriaan, Katoliek, en deur Sy genade het Hy jou geroep en jou Sy Gees

gegee. En die enigste ding wat jy moet doen, is om in Christus te bly, want dis waar jy . . . in die beloofde land.

74 Almal wat in Jesus is, is veilig, en solank as wat jy in hierdie Toevlugstoring in Christus is, dan is jy veilig van die dinge van die wêreld. Maar wanneer jy buite begin kyk, en met die wêreld flankeer, die eerste ding waarvan jy weet, begin jy uit Christus uitstap. Nou, jy het steeds die verbond, maar jy het jou seëning verloor.

75 Hulle het die Gees verloor in die diens. Die klavier kan speel, die tromme kan slaan, en vroue met hulle klere so styf, soos die vel van 'n weense worsie, wat op-en-af op die vloer hardloop soos daardie, op-en-af spring, die musiek laat stop, stop hulle, ook. Oorbelle, en alle soorte deftige goed van die wêreld, wat lyk soos een of ander soort towenaar, in plaas van 'n—in plaas van 'n heilige.

76 Hier nie lank gelede nie, het ek gepraat met 'n man wat my soontoe geneem het, 'n groot kerk, en hy het gesê: het . . . hy het gesê: "My vrou gaan die klavier speel."

Ek het gesê: "Dit sou baie goed wees." Ingekom, en goeiste, daardie arme dame, soos sy aangetrek was, en sy het gaan sit, ek het gesê: "Is sy 'n heilige?"

Gesê: "Ja."

77 Ek het gesê: "Sy lyk soos 'n *onheilige* in plaas van 'n *heilige*." Ek het gesê . . . En dis reg. O, goeiste! Dinge soos daardie hoort nie in die Kerk van die lewende God nie, dit hoort nie by Abraham se kinders nie, dis die dinge van die wêreld. "As jy die wêreld liefhet, die dinge van die wêreld, dan is die liefde van God nie eens in jou nie," het die Bybel gesê. Dis reg.

78 Kom weg van die dinge van die wêreld, kom terug na God, kom terug na bidure, kom terug na—na die regte ding. Besny julleself, sny die dinge van die wêreld af. Bid totdat God Sy seën op jou afstuur, daardie dinge so dood soos deurspykers word, kom dan terug in Christus in.

79 Nou, nou, daardie verbond het vir Israel gehou totdat hulle hulle laaste fout gemaak het. Eksodus 19, honderde jare later, toe God gehad het . . . Kyk wat genade voorsien het, die onvoorwaardelike verbond, glad nie op enige voorwaarde, behalwe net op genade was dit voorsien. Toe hulle hulle reis na die beloofde land begin het, soos God belowe het, hier ver terug, Abraham, en sy saad sou vertoef in 'n vreemde land vir vierhonderd jaar onder slawerny, maar sou uitkom.

80 Kyk, hulle was alreeds uit onder die slawerny, God, deur genade, het vir hulle 'n profeet voorsien, 'n Vuurkolom, 'n offerlam, die grootste herlewing wat hulle ooit gehad het, en hulle het op die oewer gestaan en dans, tamboeryne geslaan, en 'n ware Pinksterjubileum gehad, alles, hulle vyande almal

doodgemaak agter hulle, en alles, en, tog, wou hulle iets hê om oor te stry. Hulle wou ’n wet kry sodat hulle iets daarmee te doen kon hê. Dis net presies hoe Pinkster gemaak het, net perfek, want dit was die tipe, dit moes so wees.

81 Let op, veertig jaar gelede toe julle vaders uitgeroep het, en julle moeders daarbuite met die ware Pinksterseëning, God wat tekens en wonderwerke en groot dinge gedoen het, hoe. . . wel, julle het gedink die Millennium sou net begin, maar wat het julle gedoen? As julle dit net sou laat gaan het, net die genade van God julle laat lei het! Maar iemand het opgestaan met die Nuwe Uitstorting, so *hierdie* groep het weggetrek: “Ons glo nie daardie goed nie.”

Hierdie ander een: “Ons glo nie daardie goed nie.”

En een het gesê: “Hy kom op ’n wit perd.”

Die ander een het gesê: “Hy kom op ’n wit wolk.”

“Wel, jy kry vir jou ’n organisasie, maak Hom op ’n wit perd, en ek sal Hom op ’n wit wolk maak.”

82 Sien, wat het dit gedoen? Dit het die Kerk verdeel, dit—dit het die einste gemeenskap van God vervloek, dit het heiliges van God geneem en hulle verdeel, en hulle uitmekaar getrek. En wat het julle gedoen? Net hier gesit vir veertig jaar in julle organisasies, om hulle vet te voer, en yslike groot dinge te maak, en wat het julle nou? En wat het julle nou? Gaan net aan, en bly net hier in die land, as julle wil.

83 Maar daar het ’n tyd gekom toe God ’n Josua opgerig, en gesê het: “Laat ons oorgaan na die beloofde land. Kom ons gaan oor.” Ek dink dis nou die uur, dat God ’n klein minderheid van die mense probeer kry om, “Kom ons gaan na die volle beloftes van God.”

84 Toe God julle in tale laat praat het, het julle daar gestop. Moenie daar stop nie, dis net een ding, goeiste, daar’s, die—die groot skure van God is vol oorvloedige seëninge van alles, al die beloftes. Maar ons moes stop: “Ja, ons is Pinkster.”

Wel, hulle het ’n saak gemaak, hulle het begin doop in Jesus’ Naam, die ander een het gesê: “Daar’s twee Gode.”

Een het gesê: “Daar’s drie.”

Een sê: “Daar’s een.”

Een sê-. . . O, goeiste! Toe het hulle. . .

85 Waarom los julle dit nie uit nie? As dit nie van God is nie, het Jesus nie gesê: “Elke plant wat My Vader nie geplant het nie, sal ontwortel word,” nie. Los dit net uit, hou julle gemeenskap aan die gang, in elk geval, as dit nie van God is nie, sal dit in elk geval tot niks kom nie. Moenie ons gemeenskap verbreek, en onsself *hier* bring op ’n boompie van ons eie nie. Laat ons net

ons arms uitgooi en die broer liefhê, as hy verkeerd is, laat ons vir hom bid, hom weer terug kry in die gemeenskap, hom uitlos.

86 Maar nee, ons moes net dieselfde ding doen wat die Eksodus in die 19de hoofstuk gedoen het. Hulle wou 'n wet hê sodat hulle doktors van godsgeleerdheid kon maak en hulle teologie kon hê, nadat genade alles voorsien het wat hulle gehad het. Sien? Toe nie-denominasionele die Pinksterseëning vir die mense gebring het, maar toe moes hulle gaan en denominasies daarvan maak. Sien? Net dieselfde ding wat dit toe gedoen het. En julle sit veertig jaar, en daar het julle dit.

87 Wat het hulle gedoen? Het julle ooit gedink wat hulle in daardie jare gedoen het? O, God het hulle geseën. Hulle het families grootgemaak, en goeie oeste, en hulle voorspoedig gemaak, sekerlik het hulle, en alles, maar hulle het steeds die volle seëning kortgekom, hulle was nog nie in die beloofde land nie. Nou, maar eendag het hulle oorgegaan na die beloofde land, 'n nuwe geslag het opgekom, en God het hulle oorgestuur in die beloofde land.

88 Nou, die genadeboodskap van God, die onvoorwaardelike verbond, het bestaan vanaf die tyd wat God dit aan Abraham gegee het (Ons sal binnekort daarby uitkom, en wys hoe Hy dit aan hom bevestig het.), en toe het dit voortgeduur tot by Eksodus, en toe, toe hulle wettiese, en wetgewers, ensovoorts geword het, wat, op hulleself geneem het sodat hulle iets daarmee te doen kon hê, sodat hulle iets kon hê om te doen. Net soos Nimrod, hy moes iets hê om te doen, so hy het vir hom 'n toring gebou, maar God het net vir Jakob 'n leer gewys, genade.

89 Maar dis hoe dit was, dis hoe dit vandag is, ons moet iets doen. Party van die kerke sê: "Nou wag, jy weet Dr. *So-en-so* is ons pastoor. *Dr. So-en-so*. Nou, ons het nie een van hierdie klein twee-by-vier predikers daaronder nie," klein Handelinge 2 en 4, julle weet, "ons het Dr. *So-en-so*, Ph.D., LL.D. Hy's 'n—hy's 'n Hartford-gegradueerde," of so-iets.

90 Wel, ek sou liewer 'n man by my kind wou hê, wat nie gesplete boontjies van koffie kon onderskei nie, maar weet dat hy gevul is met die Heilige Gees, as 'n man met allerhande grade wat niks meer van God weet as wat 'n Hottentot sou weet van 'n Egiptiese nag nie. Ja, meneer. Wat ons vandag nodig het, is terug na die ware Boodskap, terug na die, reguit terug na werklike eenvoudige, onderse, outydse, hartlike, God-gestuurde, verlossing van Pinkster, terug na die Boodskap.

91 Het te veel toegewing vandag, wat net laat sak. Predikers met groot programme wat hulle sê: "Kan dit nie vir die mense sê nie, want hulle sal my nie borg nie." Wel, God is ons Borg. Wel, goeiste, vertel jy die waarheid, en kyk wat God vir jou sal doen. Maar julle sien, ons het te veel daarvan in die land vandag.

92 Nou, ons vind uit na hierdie bedeling toe, het dit aangehou, daardie wettiese bedeling, totdat die ware Koninklike Saad gekom het, toe het Hy al die wettiesheid op Homself geneem, en die prys van verlossing betaal, en God se Kerk is weer terug in genade. Nie onder wet en wettiesheid nie, Dis onder genade en die belofte van God, die ware Saad van Abraham. Hy het die wet op Homself geneem en die wet het Hom aan die kruis vasgespyker, van wat ons moet doen, en nie moet doen nie, en moet doen, en nie moet doen nie.

93 Julle weet die ding daarvan vandag, wanneer 'n sondaar na die Here toe kom, ons—ons behandel hulle nie soos Paulus het toe die Filippense tronkbewaarder gesê het: "Wat moet ek doen om gered te word?"

Nou, wat sou ons vandag sê? "Moet ophou rook, jy moet ophou drink, jy moet ophou om *dit* te doen."

Dit was nie wat hy gevra het nie, hy het gesê: "Wat moet ek doen om gered te word?"

En Paulus het vir hom gesê: "Glo in die Here Jesus Christus."

94 "Glo in die Here Jesus Christus." Nie: "Kom, sluit aan by ons gemeente, staan op voor die kerk, en sê *dit*, en ons sal jou besprinkel, jou onderdompel, of wat julle ook al wil doen, op *ons* manier. En as jy nie in *ons* kerk is nie, dan. . . " Dit was nie dit nie.

Hy het gesê: "Glo net in die Here Jesus Christus, en jy en jou huis sal gered word."

95 As jy vir jouself kan glo, kan jy glo vir jou huis, ook. Hê genoeg geloof in God om vir jouself te glo, glo dan vir jou kinders, ook. Het. . . Daardie selfde geloof sal jou kinders red wat jou gered het, as jy net aanhou bid. God sal gebed antwoord, moenie bekommerd wees nie. Vra Hom net, en glo dit, en kry dit geanker in jou hart, beweeg net aan, dis hoe dit gedoen word. Ja, meneer.

96 Nou, ons vind dat Abraham net 'n gewone man was, en God het hom geroep, en gesê dat Hy hom deur hom 'n vader van nasies sou maak, "Maak nie saak wat jy doen nie, Abraham, jy hoef nie een ding te doen nie, Ek het dit gedoen." O, ek hou daarvan! O, ek is so lief daarvoor, dat ek. . . Dit verbly net my hart om te dink dis niks wat ek kan doen nie. As daar enigiets was wat ek kon doen, sou ek dit nooit gekry het nie, maar dis wat Hy vir my gedoen het. Nie wat ek is nie, wat Hy is; dis nie wat my belofte is nie, dis wat Sy belofte is.

97 Dis hoe die mense vandag, hulle moet hê. . . Nou, baie van die broers wat hande lê op die siekes, dis alles reg, maar dis 'n Joodse tradisie, wat nooit vir die Heidene bedoel was nie.

Die Jood het gesê: "Kom, lê U hand op my dogter, en sy sal gesond word."

Maar die Heiden het gesê: "Spreek net die Woord, my dienskneg sal lewe." Dis die verskil. "Spreek net die Woord."

Jesus het omgedraai na die Jode, gesê: "Ek vind nie geloof soos daardie in Israel nie."

98 Sien, in die dienste, elkeen wat in die dienste inkom, is veronderstel om te glo in die Here Jesus Christus. As. . .Jesus het julle alreeds genees: "Ter wille van julle oortredinge *is* Hy deurboor, deur Sy wonde *het* daar vir julle genesing gekom," alreeds, verlede tyd, dis alreeds verby. Jy net. . . "Geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord."

99 Julle sê: "Wat van daardie onderskeidings en dinge wat jy gedoen het, Broer Branham?" Dis 'n bevestiging, wat bewys dat Hy Sy Woord hou. Hy het belowe dat Hy daardie dinge sou doen, hier doen Hy dit. As Hy een Woord hou, hou Hy Sy hele Woord. As Hy een Woord nie hou nie, hou Hy niks Daarvan nie; Hy hou Sy hele Woord.

100 Hy kan julle nie genees nie, as Hy nou net hier geloop het, reg in hierdie gebou, kon Hy julle nie genees nie, as julle Hom sigbaar kon sien, soos julle my sou sien, of die pastoor, of iemand anders, kon Hy julle nie genees nie, Hy het dit alreeds gedoen. Maar Hy mag julle een of ander rede wys, om te bewys dat Hy julle Here was, want Hy sou iets doen soos Hy destyds daar gedoen het om te bewys dat Hy julle Here was.

101 Nou let op, ons vind dat Abraham, God vir hom gesê, gesê: "Nou, sonder jouself af van jou familie, sonder jouself af van al jou familie, kom uit, bly by My en Ek sal jou seën." O, is dit nie wonderlik nie? "Ek sal jou seën as jy jouself sal afsonder." Maar dis waar die probleem gekom het.

102 Dis waar die probleem kom, mense wil nie hulleself afsonder nie, hulle wil hulle nie afsonder van hulle kaartpartytjies, die dinge van die wêreld nie, julle probeer dit reg in die kerk inbring saam met hulle. Jy moet jouself afsonder van ongelowiges, moenie jouself aan ongelowiges verbind nie: "Kom uit, word afgesonder," sê die Here.

103 Nou, die wêreld soek na mengers. Julle weet, baiekeer, toe ek in 'n ander denominasionele kerk was, het hulle altyd vir my gesê, gesê: "Nou," sou hulle sê: "Hulle—hulle. . .Hy's 'n baie goeie menger. Ek glo dat ons hom *soontoe* sou stuur. . .Sekerlik, hy neem al die dames en hulle mans en gaan swem, hy—hy speel bunco saam met hulle, en hulle hou 'n dans onder in die kelder, en o, 'n goeie menger."

104 God wil nie mengers hê nie, Hy wil afgesonderaars hê: "Sonder vir My Paulus en Barnabas af."

105 God wil afgesonderaars hê, die wêreld wil mengers hê, 'n bietjie Hollywood, krulhare, ensovoorts soos daardie, kan opstaan, en meng met die skares. En die—die mense wil jeug hê,

hulle wil 'n kêreltjie hê wat pas uit die kollege gekom het, wat al die giere ken, en alles.

106 Hulle sal 'n kêreltjie soos daardie neem, maar laat daar eenkeer op hulle geopereer word, kyk of hulle 'n nuwe dokter kry wat pas uitgekom het, dit sy eerste ondervinding is. O, nee, om aan daardie anatomie te sny, wil jy 'n ou chirurg hê wat weet wat hy doen, wat al lank daar was. Dis reg. Want jy's baie puntenerig oor hierdie liggaam, maar wat van jou siel, om 'n bietjie daaraan te laat sny?

107 Jou liggaam sal sterf, dit sal vergaan, dis reg, maar jy het 'n siel wat Ewig is, maar jy wil nie die man hê wat 'n lang tyd in die bediening was, en deur die gevegte was, en die ondervindings gehad het, en by die dooies gestaan het, en die sterwendes, liewer, en hulle dopgehou het toe hulle sterwend was, en sien die . . .

108 Daardie ou ondervindinkies, tel niks, hulle sal verdwyn soos enigiets wanneer die dood 'n persoon tref, dokter 'n inspuiting in hulle inspuit, en hulle hoor uitroep om genade, en skree, en alles, werk dit nie (Maar ek sê vir julle, 'n goeie ou geval van verlossing, kyk in die gesig van Jesus Christus met 'n rein hart, en prys God, sterf deur in tale te praat, ja, meneer, 'n ware heilige van God, dis wat tel op die dag, by die uur van die dood. Sien?), en dis een of ander kêrel wat net baie teologie ken, en niks van God af weet nie; ons moet weet wat God is, Hom ken met 'n persoonlike ondervinding.

109 Nou, Hy het gesê: "Sonder jouself af," maar het Abraham dit gedoen? Nee, meneer. En God het hom nooit geseën totdat hy ten volle gehoorsaam het wat God gesê het om te doen nie. Nou, ek gaan dit vir die Kerk sê: Die Kerk sal nooit verder gaan nie, totdat julle ten volle gehoorsaam wat God gesê het om te doen, jy kan dit net nie doen nie. God maak 'n belofte, Abraham het rondgedwaal, ensovoorts, en God het hom nooit ten volle geseën totdat ons oorkant in die 13de hoofstuk van Eks- . . . van Génesis kom nie.

110 En ons vind toe uit dat daar 'n klein rusietjie ontstaan het tussen die veewagters, ensovoorts, en God het dit sien aankom, so Abraham, as 'n Christen, het hy vir sy neef Lot gesê, hy het gesê: "Laat daar geen twis tussen ons wees nie, want ons is broers." Hy het gesê: "Nou, maak jy jou keuse, as jy oos gaan, sal ek wes gaan; en as jy wes gaan, sal ek oos gaan. Neem net . . ." Dis 'n ware Christenheer. Sien? "Gaan jy een kant toe, en ek sal na die ander een toe gaan. Laat ons nie met mekaar stry nie, laat ons veewagters nie stry nie."

111 Wel, Lot, wat gierig was, het gewys wat hy was, hy het daar afgekyk en hy het die groot dinge alreeds opgebou gesien, hy wou nie alleen met God wandel nie, hy wou deurmekaar raak met die wêreld.

112 Dis net wat die kerk gedoen het. In plaas van om aan te stap met God, moes dit homself wegtrek en dit met die wêreld meng. Sien waar ons vanaand is? Sien waar die kerk is? Dis presies reg, vriend.

113 Lot was daar onder, gierig, en het afgegaan in Sodom, en sy tent soontoe bly leun, want miskien wou Mev. Lot daardie soort rokke hê wat hulle onder in Sodom gedra het, en wou sy so wees, en Lot wou 'n groot sakeman word, beïnvloed word in die stad, omdat hy gedink het hy kon miskien 'n paar ekstra dollars maak, of iets. En toe het hy, uitgevind, hy het 'n goeie posisie daar onder gekry, maar hy was afvallig, hy was afvallig. Nou, dis die vleeslike kerk.

114 Afgegaan in Sodom, en hy het soontoe gegaan en deurmekaar geraak met die wêreld, waar verdraaides en al die res was, en hy het sy dogters soontoe geneem, en hy het sy, al sy kinders, sy vrou en alles geneem, en hulle reg in die mengelmoes van 'n groep soos daardie geplaas.

115 En toe hy homself afgesonder het, omdat dit in hom was aan die begin, en toe hy homself ten volle afgesonder het, toe het God vir Abraham geseën, Hy het gesê: "Abraham, jy het die weg gekies saam met die Here se paar veragtes. Jy het jouself afgesonder om hierbuite op die dorre lande te bly, en nou sal Ek jou seën, want Ek sal jou elke deeltjie van hierdie land gee, vir jou en jou saad na jou, Ek sal dit alles vir jou gee." Nou, Hy het gesê: "Staan net op en kyk oos, noord, wes, en suid, en loop dwarsdeur die land." Amen. Ek hou daarvan. "Loop rond, dit behoort alles aan jou."

116 O, ek hou daarvan. Dis net soos 'n yslike groot arkade waarin ons gedoop word, want deur een Gees word ons almal in een Liggaam gedoop. En in daardie Liggaam is die Christus Jesus, en deur een Gees word ons gedoop in daardie Liggaam, en word lede van daardie Liggaam. Daar het julle dit.

117 Sien, nou, asof 'n...Dis 'n groot arkade. Nou, baie mense kom net in, sê: "Wel, ek sal Jesus aanvaar as my Verlosser, en ek wil nie hê Hy moet my hel toe stuur nie, maar ek—ek sal Hom aanvaar as my Verlosser, ek sal reg *hier* binne staan." Maar dis nie hoe om te wees nie, as jy 'n groot arkade besit, gaan rond, kyk wat jy het.

118 Nou aan julle Baptiste, Metodiste, en Presbiteriane, as julle nie glo die Heilige Gees is reg nie, as julle nie glo Goddelike genesing is reg nie, waarom kyk julle nie deur die Arkade nie? Kyk rond, trek hierdie laai uit. As iemand vir my 'n groot huis gee, sou ek rondgaan, kyk wat ek besit, ek is nuuskierig, ek hou daarvan om rond te gaan, te kyk wat aan my behoort.

119 Wel, toe ek in Christus ingekom het, wou ek uitvind wat ek het. Amen. Ek vind uit Goddelike genesing is myne, vreugde is myne, riviere wat vloei, Ewige Lewe, krag, Ewige Lewe, genade,

al hierdie dinge het aan my behoort. Iets ’n bietjie hoog gelyk het, het ek vir my ’n leer gekry, en opgeklim, en opgetrek, en daarna gekyk. Dis reg. As ek iets sien wat ek nie kan bykom nie, hou ek net aan bid op Jakob se leer tot ek daarbo kom en daarna kyk.

120 “Ja, Here,” ek sien waar Hy visioene gegee het, “Die werke wat Ek doen, sal julle ook. Die dinge wat Ek doen, julle sal dit doen. Ek sal met julle wees. Vra wat jy wil, Ek sal dit vir jou gee.” Dis alles myne, ek’s ’n erfgenaam, amen, ’n erfgenaam. Deur die dood van Jesus Christus, word ek ’n erfgenaam van alles, elke belofte. Ek’s ’n erfgenaam, so ek het ’n reg om rond te kyk, te sien wat ek *geërf* het.

121 Wat as iemand gesê het jy het ’n groot landgoed hieronder in Kalifornië iewers wat jy *gëerf* het, iemand dit vir jou nagelaat het? Sou jy sê: “O, ek reken dis goed”? O, nee! Jy sou soontoe gaan, broer, en jy sou prokureurs neem, en alles, en jy sou kyk wat jy besit. Jy sal nie. . .net aangaan met hierdie lewe, hierdie—hierdie natuurlike lewe nie, maar wanneer dit kom by die Ewige Lewe, wanneer jy Jesus Christus as Verlosser aanvaar het, waarom sien jy nie waarvan jy erfgenaam is nie? Amen.

> Elke belofte in die Boek is myn’,
> Elke hoofstuk, elke versie, elke lyn. (Dis reg.)
> Ek vertrou in Sy liefde Rein,
> Want elke belofte in die Boek is myn’.

Ek’s ’n erfgenaam van alles deur Christus, ek’s ’n erfgenaam van my genesing, ek’s ’n erfgenaam van my vreugde.

> Ek’s ’n erfgenaam van verlossing, gekoop deur God,
> Gebore uit Sy Gees, gewas in Sy Bloed.

122 Ja, meneer. Ek’s ’n erfgenaam, ’n kind van die Koning, ek’s ’n seun van God. Amen. Alles wat God belowe het, is myne. Ek is mede-erfgenaam van die Here Jesus. Amen. Ek wil graag deurkyk.

Gesê: “Abraham, gaan uit en kyk rond deur die land, kyk wat aan jou behoort. Sien *daardie*? Dis alles joune.”

123 O, ek hou daarvan. Kyk rond, kyk wat jy gaan kry. Waarom gaan jy nie môre en kyk in die Bybel en sien, jy, sien waarvan jy erfgenaam is nie? Kyk net wat al hierdie groot seëninge wat—wat Hy jou belowe het, jy’s ’n erfgenaam daarvan, dis joune, jy het nooit enigiets verdien nie, maar dit is aan jou *nagelaat* deur die regverdige Saad van Abraham, wat Jesus Christus was. “Ons, wat dood is in Christus, neem Abraham se Sade aan, en is erfgename saam met Hom van die belofte.”

124 Dan as jy Abraham se Saad is, glo jy alles wat God gesê het, God het gesê: “Ter wille van ons oortredinge is Hy deurboor, deur Sy wonde het daar vir ons genesing gekom.” Ek’s ’n erfgenaam daarvan. Amen. Ek het dit *geërf*. Wel, al hierdie seëninge wat Hy

belowe het, ek's 'n erfgenaam daarvan. Dan ek—ek's 'n. . . dis—dis my besitting.

125 Wanneer God 'n man red, gee Hy vir hom 'n hele groot tjekboek. Aan die onderkant het dit alles. . . die Naam van Jesus is daarop geskryf, aan die onderkant van die tjekboek. "Wat julle ook al in My Naam vra, dit sal Ek doen." Abraham se Saad glo dit. Vul net die tjek in en stuur dit in, deposito is alreeds gemaak, dis in die bank.

126 Hoe het dit deurgekom? Nie deur jou geregtigheid nie, maar deur die geregtigheid van die regverdige Koninklike Saad, Christus. Hy was die Een wat die deposito daarin geplaas het, die deposito is in die bank. Ek glo dit, en julle? Moet dan nie bang wees om die tjek uit te skryf nie, bank sal dit uitbetaal, die Bank van die Hemel sal elke tjek uitbetaal. Ja, meneer.

127 Eerste ding, moet dit deur die verrekeningskantoor gaan, dis reg, om te sien of jy dit regtig glo of nie. As jy dit glo, sal dit deur die verekeningskantoor gaan, moenie daaroor bekommerd wees nie, en die fondse sal terugkeer na jou net sodra sy deur die verekeningskantoor gaan. Dis reg.

128 As jy onder in jou hart werklik glo dis die belofte van God, en jy het dit in jou hart aanvaar, vra daarvoor in die Naam van Jesus Christus, dit kom terug. God het so belowe; dis 'n erfgenaam. Ons is erfgename van verlossing en mede-erfgename van Hom, en ons is erfgename van Abraham, want ons is Abraham se Saad.

129 Nou, as jy dinge verkeerd gedoen het, as jy van die ou pad afgedwaal en oorgegaan het na die wêreldse kant, jy het nie jou verbond verloor nie, suster, broer, jy het nie die verbond verloor nie, jy het net die—die seëninge van die verbond verloor. Kom terug, kom uit Egipte uit, kom terug hierbo na die beloofde land toe, kom in waar God gesê het jy moet bly, "As julle in My bly," Johannes 15: "en My Woorde in julle bly, kan julle vra wat julle wil, en dit sal vir julle gegee word." Maar bly daarbinne. "As julle in My bly, en My Woord in julle. . . " Hoeveel weet dis waar? Dis 'n belofte van God.

130 "As julle in My bly," dit beteken bly daar. Moenie oorhardloop in Egipte en agter die dinge van die wêreld aanloop nie. "As julle in My bly, My Woorde in julle bly, kan julle vra wat julle wil, en dit sal vir julle gedoen word." Dis Sy belofte. As jy Abraham se Saad is, bly dan in daardie belofte. As jy daarbuite is, kom terug soontoe, jy sal in die moeilikheid beland daaronder in Egipte, kom weer in die beloofde land.

131 Nou, ons vind toe uit hy het homself afgesonder; en God het Abraham nooit heeltemal geseën totdat hy Hom ten volle gehoorsaam en homself afgesonder het nie. En God sal nooit 'n individu seën, of 'n kerk, of 'n gemeente, of 'n denominasie, totdat dit homself ten volle oorgee in gehoorsaamheid aan God nie.

132 Die denominasie is goed as jy dit so skryf: "Ons glo hierin, *komma*." Maar wanneer jy 'n organisasie opstel: "Ons glo hierdie, *punt*. Jy kom *so* of jy kom glad nie." As jy dit lees: "Ek glo dit, *komma*, plus wat God my sal wys," dan is dit in orde. Dis reg. "As ek sal . . . Ek glo . . . Ons het . . . Ons glo *hierdie*, plus wat ons ook al kan uitvind van God wat beter is." Sien, maar julle eindig dit: "Ons glo *hierdie*."

133 Wat het met Luther gebeur sodra Luther die Vuurkolom gesien het? Wel, hy het Dit gevolg. Maar wat het hy gedoen? Na Luther se dag, het hulle 'n kerk wat Luther genoem is, georganiseer, toe het dit net daar gesterf op die organisasie, want dis net soos die Katolieke kerk.

134 Toe, die eerste ding waarvan jy weet, het Wesley gekom. Die Vuurkolom het reguit uit die organisasie uitbeweeg, aangegaan, Wesley het dit gesien, en daar het hy agter Dit aangegaan. En sodra die eerste rondte uitgesterf het, het hulle dit georganiseer, dit die Wesleyaanse Metodiste genoem, of die—die Metodiste kerk, toe hulle dit georganiseer het, het dit net daar gesterf.

135 Toe het die Pinkster Dit sien uitgaan, nie van regverdigmaking onder Luther, heiligmaking onder Wesley nie, maar hulle het die doop van die Heilige Gees gesien, terug na die oorspronklike seëning. Hier het hulle agter Dit aangegaan, o, goeiste, uitgegaan en begin praat in tale, en krag van God wat deur hulle werk. Maar wat het hulle gedoen? Dit georganiseer, dit het net daar gesterf. Maar nou beweeg die Vuurkolom uit, Dit beweeg weer. Dit sal nooit . . .

136 Nooit eenkeer het 'n organisasie ooit opgestaan wat nie gesterf het en dit nooit weer teruggekom het nie. Ek daag enige historikus uit. Ek kyk daar in die gesig van een van die beste wat daar in die nasie is. Dis reg. 'n Geskiedkundige van die geskiedkundiges sit reg by ons. En ek sal daardie man vra, of enige ander man, om my ooit een keer te wys dat 'n kerk ooit georganiseer het, waar dit nie gesterf en dood gebly het nie. Dit het nooit weer opgestaan in die geskiedenis van die kerke van die wêreld nie, het nooit. God wil dit nie hê nie, God wil hê ons moet vry wees in Hom. Hy wil hê ons moet by 'n plek wees waar ons alles van God kan aanvaar, nie op hierdie berg bly nie, uitbeweeg; Abraham se Saad.

137 Nou, jy sê: "Jy's teen organisasie?" Nee, meneer. Organisasies is goed, maar julle trek 'n lyn, sny almal uit behalwe die kêrel wat nie glo net soos julle glo nie. Die ding wat ons moet doen, is ons arms uitstrek na Lutherane, Metodiste, en almal, na 'n plek waar ons gemeenskap met mekaar kan hê, terwyl die Bloed van Jesus Christus, God se Seun, reinig van alle sondes, tot ons daarby kom, sal ons net sterf, net hier sit en verdor soos 'n ou, verdorde appel.

138 En daar tuit jou mond soos tamatiepruim, en sit rond: "Wel, ek behoort aan *So-en-so*." O, goeiste! Daar kom nie meer Lewe daarin nie, julle sien (Ons kan dit net nie doen nie. Nee, ons moet kom en in Christus Jesus wees, ons is erfgename, mede-erfgename van Hom.), nou, totdat ons onsself afsonder van die dinge van die wêreld.

139 Nou, sien, elke kerk begin homself kry . . . Nou, jy sê: "Praat jy net van die Metodiste?" Nee, ek praat van almal, elkeen van hulle, ons Pinkster, net dieselfde as hulle. En daar's nie 'n eerlike persoon in hierdie gebou wat nie weet dat die Pinksterkerk net soos die res van die kerke word nie. Hoeveel glo dit? Steek jou hand op. Dankie vir eerlike harte. Dis reg. Dis net soos die res van hulle, wel dan, dis verkeerd, dis nie reg nie. Nee, meneer. God kan nie georganiseer word nie. Wat Hy moet wees, is geglo word. Halleluja!

140 O, broer, hoedat God allerhande dinge sal oprig as die Kerk net in 'n toestand sal kom om dit te ontvang, maar Hy sal nooit Sy fondament bou op iets wat die mens gelê het nie. "Want daar is geen ander fondament wat gelê kan word as dit wat gelê is nie, Christus Jesus, die Seun van God," en die openbaring waarop Hy Sy Kerk sou bou, van Christus Jesus. Ja, meneer. Maak Hom dieselfde gister, vandag, en tot in ewigheid, Hy's net soveel Abraham se Saad vandag, as wat Hy toe was. En ons in Hom, ons is erfgename saam met Hom, saam met vader Abraham, want Hy's die Saad van Abraham, Christus was die Saad van Abraham.

141 Nou, volle afsondering, ons moet uitkom. Julle sê: "Sal ek my organisasie verlaat?"

Nee, bly in jou organisasie, maar laat die wêreld uit jou uitkom, dis reg, nie jou organisasie nie.

Sê: "Wel, ek behoort aan die Gemeentes."

Dis so goed soos enige van hulle.

"Ek behoort aan die Presbiteriaanse."

Dis so goed soos enige van hulle.

"Ek behoort aan die Eenheid, die Tweeheid," of wat dit ook al is.

142 Dis so goed soos enige van hulle, hulle is almal mensgemaakte instellings. Reg. Maar dis nie die ding nie. Behoort jy aan Christus? Is jy Sy Saad? Is jy dood in Christus en is Abraham se Saad? Dan het jy geloof in die lewende God. Jy sal 'n voorbeeld wees vir die res van daardie mense wat daarbinne is. Staan op, maak jouself 'n ware Christen. Skud jouself, die stof van jou af, word wakker, kom by, ons is in die stryd.

143 Ons is in die Laodicése Kerkeeu. Hoeveel sou herken ons is in die Laodicése Kerkeeu? O, broer, laat ons dan iets daaraan doen, laat ons iets daaraan doen. Laat ons nie in daardie soort toestand

gevang word met Christus aan die buitekant wat probeer klop om in te kom nie, laat ons Hom laat inkom. As ons in Hom is, dan is ons erfgename van alles. Alles behoort aan ons. O, ek hou daarvan. Elke belofte!

144 O, binne 'n paar aande later, nadat ek klaar is hiermee, wil ek Hom afbring op die Berg van Verheerliking, wys wat God daar aan Hom gedoen het, die plasing van Sy Seun, kyk hoe Hy ander seuns uitneem, en dieselfde ding doen. O, goeiste, watter groot rykdom is daar in hierdie Bybel! Hou op om die ou snaakse stories te lees, en kyk na ou nikswerd televisieprogramme, en gaan terug kerk toe, om te bid.

En so, jy sê. . .'n vrou het gesê: "Wel, ek—ek kan net nie tyd kry om my Bybel vir my kinders te lees nie."

145 Wel, Susanna Wesley, sy het sewentien kinders gehad, en sy het drie ure per dag spandeer, met geen moderne gerief nie, sy het nie 'n knoppie gedruk, haar skottelgoed gewas nie, sy het nie 'n kraan oopgedraai en 'n bietjie water te tap soos daardie nie, sy het dit van 'n fontein af gedra in 'n ou houtemmer en die kalbaslepel, dit van die fontein af gedra, en sewentien kinders grootgemaak, en drie ure per dag in gebed kon spandeer. Wat het sy daaruit grootgemaak? 'n John en 'n Charles, halleluja, ja, meneer, sekerlik, manne wat die wêreld geskud het in hulle dae.

146 Wat ons vandag nodig het, is nie meer. . .wat moeders en toegewyde mense is, God eerste stel. Dis reg. Ons plaas al die res eerste: "Wel, ek behoort aan die vereniging *hier* onder."

147 O, ek behoort ook aan 'n Vereniging, Dis *daar* bo. Julle sien, dis die Vereniging om aan te behoort, Vereniging van Jesus Christus, arme, lae, uitgewerpte mense, ek's so bly ek kan sê ek's een van hulle. Dis reg. So bly om aan daardie Vereniging te behoort. Sonder jouself af, kom uit die wêreld uit, moenie deelgenote wees saam met hulle nie. Abraham het homself afgesonder, en God het hom geseën, en elke belofte gegee wat Hy hom gegee het, Hy het hulle aan hom bevestig toe hy homself afgesonder het.

148 En wanneer jy jouself afsonder van die dinge van die wêreld, die ongeloof. . .Daar is net een sonde, daar is net een sonde, dis ongeloof. Om sigarette te rook is nie 'n sonde nie, owerspel pleeg is nie 'n sonde nie, om die Here se Naam ydellik te gebruik is nie 'n sonde nie, dis die eienskappe van ongeloof, dis omdat jy nie glo nie, die rede waarom jy dit doen. Sien? Sonde is ongeloof. "Hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel." Jy kan nie eers by die eerste ding kom, tensy jy elke Woord van God glo, en enigiets anders as Dit beskou as 'n leuen nie. Amen.

149 O God, ek wens daar was 'n manier wat ek net die mense kon—kon neem, en dit in 'n bottel kry, en dit in hulle keel afgooi, en dit dan toedruk, sodat dit nie kon uitkom nie. Ja, meneer, sodat hulle dit kon sien. Ek bedoel nie om onbeskof te wees

nie, maar ek—ek probeer. . .Hierdie is nie, ek het dit nie gesê vir 'n grap nie, hierdie is geen plek vir grappe nie, hierdie is die preekstoel, hierdie is God se huis, dis 'n plek wat aan Hom toegewy is, waar die Evangelie en manifestasies van die Heilige Gees bekend gemaak behoort te word.

150 Moenie hier staan om gesien te word, of skree om gehoor te word nie, Dis die Heilige Gees deur die Woord. Sien, dis wat ons wil doen, is om mense weer terug te kry by God, die mense van die strate af te sien en uit die wêreld, in die huis van die Here, soet en sagmoedig in die Heilige Gees, wat aanbid in die Gees, die Heilige Gees wat deur die Kerk beweeg met tekens en wonders en gawes.

151 O, elke Woord is geloof. As jy die, as jy 'n seun en dogter van God is, daar's nie een Woord in hierdie Bybel, wat jy nie jou siel Daaraan sou hang nie. [Leë kol op band—Red.]

" . . .is gisteraand voor gebid, maar jy weet my kreupel hand is nie beter nie, ek moes dit gemis het." Dis nie 'n kind van Abraham nie. Nee.

152 Toe Sara, geen verskil gemaak nie, toe sy vyf-en-sestig jaar oud was, sy was nie meer soos vroue behoort te wees wat kinders sou hê nie, en die eerste maand, tweede maand, derde maand, in plaas van Abraham wat swakker en swakker word, het hy sterker en sterker geword, amen, bly opbeweeg: "O, halleluja, dit sal groter wees as wat dit ooit was!" Sien? Tot vyf-en-twintig jaar verbygegaan het, vyf-en-twintig jaar, en hy was sterker aan die einde van vyf-en-twintig jaar as wat hy destyds daar was toe hy die eerste keer begin het. Net die heeltyd sterk geword, gesê: "Prys God, hou net die kousies gereed, dit kom. Ja, meneer, gaan, die baba gaan gebore word."

"Hoe weet jy, ou kêrel?" Honderd jaar oud: "Hoe weet jy?"

"God het so gesê." Dis reg. Dis reg.

153 Nou, as ons Abraham se Saad is, dan sê ons: "Wel, daar is gister vir my gebid, maar ek is niks beter nie," o, Abraham se Saad, Abraham se Saad! Vat God op Sy Woord. God het 'n belofte gemaak, God hou Sy belofte, of Hy's nie God nie.

154 God het 'n belofte gemaak Hy sou hierdie tekens wys in die laaste dae. Waarvoor doen Hy dit? Sodat mense dit sal kritiseer, soos hulle gisteraand gedoen het. Wanneer hulle dit doen, verseël hulle hulleself vir altyd af van God, Jesus het so gesê: "Een woord Daarteen sal nooit vergewe word in hierdie wêreld, of die wêreld wat sal kom nie." Sien?

155 En so-iets moet vorendag kom, sodat God. . .'n Regverdige God kon nie Sy toorn uitstort op 'n regverdige volk nie, dit moet kom op 'n ongelowige, volk wat verwerp. Dis presies. Die wêreld moet daardie ding sien voor hulle dit kan verwerp, en dit verwerp, dan moet God net Sy toorn uitstort. Dis presies reg.

156 Dis waarom Hy met Israel gedoen het, en hulle het almal daarin gesterf. Toe—toe Titus ingekom het, die muur ingeneem het, wel, die bloed het uitgevloei tot by die perde se stange, amper, het hulle gesê. Vroue het hulle eie kinders doodgemaak en hulle geëet, die bas van die boom geëet, die gras van die grond af, Israeliete, kerklidmate, getroue, heilige manne, wat die Woord baie goed geken het. Maar wat het hulle gedoen? Hulle het nie die ware Teken geglo wat God hulle gegee het, die Messias nie, en hulle het daarvoor betaal. God was regverdig om dit te doen, Sy heiligheid vereis dit. Daar is geen geregtigheid sonder straf nie.

157 Wel, jy sê, as daar 'n rooi lig daarbuite is, oor die rooi lig ry: "Jy moes dit nie gedoen het nie," dis nie regverdig nie. Daar's 'n straf om oor daardie rooi lig te ry, 'n straf, jy word beboet daarvoor. Wet sonder geregtigheid is nie wet nie, jy moet geregtigheid hê, en God se heiligheid vereis geregtigheid.

158 En Sy Seun het die prys betaal om jou te verlos, en as jy weier om dit te aanvaar, en een of ander kerklikheid aanvaar, of *so-iets*, klein formele buitekant, soos daardie, kan jy nie God blameer nie. Die rooi lig word voor jou geswaai, dit swaai net nou. Ja, meneer. Moenie daaroor trap nie, jy's in 'n gevaarsone.

159 Julle is kinders van God, kom terug na julle verbond, kom terug in die beloofde land. Wat is die belofte? Petrus het op die Pinksterdag gesê: "Die belofte kom julle toe, en julle kinders, en aan hulle wat daar ver is, selfs soveel as wat die Here onse God sal roep." Die belofte is aan hulle. Ja, meneer.

160 Nou, ons vind uit toe Abraham homself afgesonder het, het God na hom toe gekom, gesê: "Abraham, al *hierdie* is joune." Nou, Hy het dit nooit voor dit gesê nie. Maar, julle sien, hy was steeds gebind deur sy aanhangsels, klein draadjie *hier*, te veel los punte, hy het Lot nog steeds by hom gehad, en die rusiemakers, ensovoorts.

161 So toe, toe hy homself afgesonder het, regtig gekom het waar God vir hom gesê het, Abraham, toe het God aan hom verskyn, gesê: "Nou, Abraham, staan op en loop deur die land, kyk daarna, dis alles joune. Ek gee jou Goddelike genesing, Ek gee julle verlossing, Ek gee julle die doop van die Heilige Gees, Ek gee jou al hierdie beloftes, elkeen van hulle is joune, Abraham. Kyk hulle deur, kyk wat jy alles het." Sien? "Kyk net wat joune is. Nou, hulle is almal joune, Abraham."

162 Ek kan vader Abraham net sien kyk, sê: "Prys God! Ek besit *daardie* berg, ek besit *hierdie* berg, Ek besit *daardie*, ek besit *hierdie*, ek besit *daardie*, dis alles myne." Amen. Dis hoe dit is. Alles in die Bybel behoort aan my, ek's Abraham se seun, ek's Abraham se Saad, jy's Abraham se Saad.

163 Maar, julle sien, jy moet eers na die verrekeningskantoor toe kom. Kom reg, kom terug in die beloofde land in, waar die Heilige

Gees net 'n melodie in jou hart is elke dag, en jy lei 'n lewe, o, goeiste, die heerlikheid van God wat die soetheid van die Here Jesus op jou uitstort. O, dis werklik. Dan is dit net, *iets* in jou hart hou jou vas: "My anker is vas," jy het *iets* hierbuite wat jou trek, jy weet jy roer reg.

164 Hou die Bybel dop, kyk hoe jy. . . wat hulle gedoen het in daardie dag, kyk terug en kyk of dieselfde dinge met jou is, kyk of dieselfde ondervinding wat hulle destyds gehad het, jou ondervinding is. As dit is, goed dan, vra net enigiets wat jy wil, bly reg in die Woord, vra wat jy wil, dit sal vir jou gegee word.

165 Nou, ek wil na nog een vers toe gaan. Ek dink nie ons sal tyd hê om by die ander een uit te kom nie, ek sal dit kry, miskien, môre-aand. Hier's nog een plek waarnatoe ek wil gaan, na die afsondering, in die 14de hoofstuk, vind ons 'n groot, besondere ding voor die bevestiging van die verbond. Miskien sal ek dit môre-aand kry.

166 Maar die bevestiging van die verbond, nou, Abraham het uit die land uitgekom, sekerlik, die Eufraatrivier oorgesteek, baie van julle het, is gedoop, het oorgekom in die land in. Nou, moenie reguit teruggaan na Egipte toe nie, bly net hier in die land, gehoorsaam, bly reg in die belofte van hierdie Vader, sien. Bly reg onder die Heilige Gees, maak nie saak. . .

167 Jy moenie iemand van die wêreld naboots nie, jy moet God naboots. Sien? Hou Hom dop, hou Sy lewe dop. Moenie maak soos *So-en-so* maak nie, Suster Susie, of Broer Jackson, of wie dit ook al mag wees nie, moenie—nie lyk soos, moenie maak soos hulle nie, wandel jy net saam met Hom. "Vul my weg elke dag met liefde, soos ek wandel saam met die Hemelse Duif." Bly net reg by Hom, kyk hoe dit jou soet maak, en die hele wêreld afsny. O, goeiste, jy gee nie om wat die mense sê nie, jy wandel saam met God.

168 Hier nie lank gelede nie, het ek en my vrou oorgegaan na die kruideniersware winkel, en ons was in my streek. Ek. . . O, natuurlik, hulle sou dit nie in Kalifornië doen nie, maar oorkant in my streek. . . Ons. . . Ek het ingekom van iewers af waar ek was, glo ek, buite in die eilande, die Karibiese Eilande. Ek het teruggekom, en sy het gesê: "Wel, Skat, ek's bly jy's hier," gesê: "ons moet na die winkel toe gaan," gesê: "om 'n bietjie kruideniersware te koop."

169 Ek het gesê: "Goed, ons sal gaan." En ek het uitgegaan en die ou motor aangeskakel, en—en so het ons begin, soontoe gegaan. Wel, ek het aangegaan, en ek sou oplet, en ek's. . . Ek—ek—ek het gekyk, en naderhand, het ons een van die geheimsinnigste dinge gesien wat ons gesien het, dit was gedurende Julie, Augustus, iets soos daardie, in ons streek, het ek 'n dame gesien wat 'n rok aangehad het. En ek het gedink: "Is dit nie vreemd nie?" Sien? Sy het 'n rok aangehad. Almal van hulle het, kortbroekies gedra, of

hulle verwagtende moeders was of nie, hulle het hulle aangehad. En—en party van hulle . . .

170 Sy het gesê . . . Ek het gesê: “Kyk, is dit nie—dit . . .? Lyk sy nie soos ’n dame nie? Sy het ’n romp aan.” Ek het gesê: “Is dit nie vreemd nie? Ek het nog nie een gesien vandat ek teruggekom het nie, ek dink nie so nie.” Sien? En ek het gesê: “Is dit nie me- . . .?”

171 Sy het gesê: “Bill, ek wil vir jou iets vra.” Sy het gesê: “Nou, jy weet daardie meisie wat net daar op die hoek staan, jy weet waar sy is, na ’n kerk toe gaan, jy weet.”

Ek het gesê: “Um-hum.”

“Wel,” gesê: “waarom is dit dat—dat ons . . .? Hulle—hulle is—hulle is mense soos ons is.”

Ek het gesê: “Sekerlik, net soos ons is, presies.”

172 Sy het gesê: “Wel, waarom—waarom is dit dat hulle nie . . .? Hulle is—hulle—hulle is godsdienstig, hulle gaan kerk toe, en sulke dinge.” Gesê: “Waarom is dit iets in ons wat ons dit nie wil laat doen nie?”

Ek het gesê: “Wel, ons is—ons is . . . ”

Sy het gesê: “Wel, hulle is net Amerikaners, net soos ons.”

Ek het gesê: “Dis wat dit is, hulle is Amerikaners, ons is nie.”

Sy het gesê: “Wat?”

Ek het gesê: “Nee, ons is nie Amerikaners nie, nee.”

173 As jy na Duitsland gaan, kry jy ’n Duitse gees. Sien? Duitsland het ’n nasionale gees. Gaan jy na Swede, kry jy ’n Sweedse gees.

174 Nou, toe ek in Duitsland was het ons gehad, Broer Arganbright is hier iewers, en ons het ’n groot diens gehou, ons was gemiddeld omtrent tienduisend bekeerlinge elke aand, en vyftigduisend in vyf aande het hulle Duitsers geregistreer, kommuniste, ensovoorts, wat na Christus toe kom. En dan sou ek in die straat afgaan, en hier was hierdie heiliges met ’n yslike groot beker bier in hulle hande, wat skree: “Glorie! Halleluja! Prys die Here.”

175 En ek het soontoe gegaan om by ’n tafel te gaan sit, ’n heilige, goddelike huis, en hulle het almal daardie bier oral ingegooi, ek het gedink: “My goeiste!” oral soos daardie.

176 En hulle, so ek het geëet, almal van hulle het in Duits begin praat met mekaar, hulle het na my gekyk, en Doktor Guggenbuhl het gesê: “Hulle wonder hoekom jy nie jou bier drink nie.”

177 En ek het gedink: “Uh-oh.” Ek het gesê: “Sê jy wat ek sê.” Hy het gesê . . . Ek het gesê: “Ek reken dis alles reg,” het ek gesê: “maar, julle sien, ek is gebore onder ’n Nasireër geboorte, ek was nie veronderstel om te rook, pruim, of enigiets te drink nie.”

O, dit was goed so: “Prys God,” het net reguit aangegaan en gedrink. Dis Duitsland.

178 Na Italië toe gegaan, hulle sal nie vir jou water neersit nie, dis wyn. En ek het uitgegaan by die apteek en vir my bietjie van hierdie hier gedistilleerde water gekry, dit was in ’n beker, dit het soort van een van hierdie wingerdstokke daarom gedraai gehad. Ek reken almal het gedink ek dra my eie soort. So ek het net die heeltyd rondgegaan en uit hierdie beker gedrink, julle sien, maar dit was gedistilleerde water. Ek wou nie hulle wyn hê nie, nee. Maar, julle sien, dis—dis ’n Italiaanse gees.

179 En jy gaan oor na Finland, ek was daarbinne, en hulle het ons soontoe geneem om te gee, hulle het gesê: “Ons gaan onder na die JMCV toe en—en gaan na ’n sauna toe.” Dis ’n Finse bad.

180 Toe ek daaronder gekom het, het ek gedink iets het vreeslik snaaks gevoel, ek het gesê: “Ek glo nie ek wil een neem nie.” En op *een of ander manier* toe al die broers daar ingegaan het, hier kom ’n klein blonde-kop vroutjie uit met ’n groot klomp handdoeke, gaan rond waar daardie mans uitgetrek is, ek het gesê: “Haai, haai moenie dit doen nie!”

181 En sy het na my gekyk, soort van gelag, ingegaan. En hier was hulle daarbuite met daardie vroue wat daardie mans daarbuite skrop, ek het vir Doktor Manninen gesê, ek het gesê: “Dis nie reg nie.”

“O,” het hy gesê: “hulle is net skropvroue, soos julle Amerikaanse verpleegsters, so-iets.”

Ek het gesê: “Ek gee nie om wat dit is nie, God het nooit bedoel dit moet so wees nie.” Dis reg, maar dis Finland. Sien?

182 En jy kom na Amerika toe . . . Toe ek . . . Was enigiemand ooit in—in Europa in Rome, en afgegaan na Sant’Angelo? ’n Skande vir ons volk, selfs in Italië, dit het ’n kennisgewing, net daar langs die Sant’Angelo-katakombe, gesê: “Amerikaanse vroue, trek asseblief klere aan om die dooies te eer wanneer julle hier inkom.” O, goeiste!

183 Ek en Broer Arganbright het daar gesit en eet, baie goed gevaar met ’n goeie biefstuk, totdat Mejuffrou Verenigde State toevallig opgestaan het met genoeg juwele aan haar hande vir hierdie tien-sent winkel, ’n sigaret *so* ver uitgesteek, en ’n bril op soos *hierdie*, met ’n poedelhond, en dit op die tafel gesit. O, dit maak jou skaam, ’n volk wat veronderstel is om ’n Christenvolk te wees!

184 Dit maak dit nie Christelikheid nie. Nee, meneer. Ons is nie Amerikaners nie, ons lewe hier, as nasionaal, menslike wesens, ons lewe onder hierdie, dis die grootste nasie in die wêreld, wat dit betref, maar ek sê julle, net soos Johanna van Arkel in die tyd van die Franse rewolusie, Frankryk het ’n revolusie nodig gehad, maar toe het dit ’n teen-revolusie nodig gehad, dis wat Amerika

nodig het, dit het 'n herlewing nodig en 'n teen-herlewing, dis reg, om party van die dinge wat in die kerke en die lewens van die mense is, reg te stel. Demokrasie is reg, maar dan het ons 'n herlewing in demokrasie nodig om dit reg te stel, dis presies waar. O, as ons Amerikaners is, as . . . ons gebore vry Amerikaners is, waarvoor ons dankbaar is.

Ek het vir my vrou gesê: "Maar, jy sien, ons is van 'n ander Land, Skat."

Sy het gesê: "Watter ander Land?"

185 Ek het gesê: "Van die Hemel, ons is gebore van Bo. Daarom, daarbo . . . " Ek het gesê: "Amerikaners? Sekerlik, almal doen dit. Hulle gaan uit, rook sigarette, dra onsedelike klere, mans fluit en gaan aan agter hulle aan, en hulle staar na hulle en maak ongelukke, en alles," ek het gesê: "dis Amerikaners." Dis reg. Dis Amerikaners, aasvoëls. Sien? Dis reg.

186 Kom uit en staar, lyk vuil, vieslik, goddeloos, onwelvoeglik, gaan kerk toe, diakens, selfs predikers. Ja, dis reg. Gaan in die kerk in, en ma- . . . noem hulleself Christene, en tree so op? Wat gebeur? Hulle is Amerikaners, dis die gees van Amerika.

187 Waarom bly julle saans by die huis, kyk grappe op daardie televisie wat nie vertel behoort te word deur 'n klomp dronk matrose nie, ongesensorde programme, en al hierdie soort vuil gemors? Party van die ou mammas en pappas wat amper gereed is om dood te gaan, en gee vir hulle 'n televisie om by die huis te bly van die kerk af. Wat hulle nodig het, is terug in die biduur, terug na God. Reg. Geen wonder ons is gereed om 'n atoombom met ons naam daarop te hê nie, ons verdien dit regtig. Dis presies reg. Ons het verkeerd gedoen, en ons het gesondig teen God. God kan Sy Heilige Gees deur die land stuur . . .

188 Hier nie lank gelede nie in ons stad was daar 'n vrou wat rondgegaan het, sy het 'n—'n klein seuntjie gehad, sy het rondgegaan, en sy was in 'n tien-sent winkel, en sy sou klein goedjies skud, gesê: "Sien dit, Skat? Sien dit, Skat?" Klein kindjie het net gesit en staar, gestaar. Gesê: "Sien dit, Skat? Kyk hier, is dit nie mooi nie? Sien dit?" Die seuntjie het net gestaar. Uiteindelik, het sy so histeries geraak dat sy oor die toonbank geval het.

189 Party van die mense in die winkel het gegaan om te kyk wat verkeerd was met haar. Gesê, sy het gesê: "O, nee, dit kan nie reg wees nie." Gesê: "My seuntjie," het sy gesê: "hy het so pas gekry, iets het verkeerd gegaan met hom omtrent 'n jaar gelede, en hy sit net en staar. En enigiets wat die aandag van 'n klein seuntjie van sy ouderdom behoort te trek, dit trek hom nie meer nie." Gesê: "Hy sit net en staar."

190 En gesê: "Nou, die dokter het gesê hy was beter, maar," gesê: "hy is nie, ek kan hom goed wys wat 'n klein seuntjie se aandag

regtig behoort te trek," gesê: "hy let dit nie op nie," gesê: "hy staar net."

191 Dis net wat die kerk gedoen het. God het elke gawe in die kerk ingestuur waaraan gedink kon word, Hy het 'n Oral Roberts gehad, 'n Billy Graham, en allerhande soorte tekens en wonders; en die kerk sit net en sê: "Wel, ek behoort *hieraan*, egter, jy sien," sit net en staar. Daar's iets verkeerd, verstandelik, geestelik verkeerd met die kerk. Ja, meneer.

192 Julle is te—julle is te aardsgebonde, soos 'n hoender, nie 'n arend nie, 'n hoender onder op die aarde, 'n aardsgebonde kroos, wat krap in die plaaswerf, nie arendskos uit die hemele eet, 'n hemelse voël nie. Sien? Maar die kerk het afgegaan soos hoenders, 'n punt bereik waar dit net die wêreld is, en die dinge van die wêreld, sulke goed soos daardie sluk, dit in die kerk inbring, en gesosialiseerde godsdiens het, en elke. . . O, dis verskriklik!

193 Jy mag my dalk hierna nie liefhê nie, maar, broer, by die Oordeelsdag sal jou bloed nie van my hande afdrup nie, en dis een ding, dis reg, jy sal die waarheid weet. Doen jy daarmee wat jy ook al wil, dis vir jou. Maar jy. . . dis. . .

194 Ek het gesê: "Burgers van die Koninkryk van die Hemel word gebore uit die Gees wat *daar* bo is, nie van *hier* onder nie."

195 Of dit Joods, Frans, of Amerikaans is, of wat dit is, hulle is nie van hierdie wêreld nie, hulle is inboorlinge van daardie Koninkryk. Want ons wat bely om Christene te wees, ons verklaar duidelik dat ons 'n Stad soek, wie se Boumeester en Oprigter God is. Ons soek na 'n Koninkryk wat moet kom. En ons bely om pelgrims en vreemdelinge in hierdie wêreld te wees, wat ronddwaal, op die uitkyk vir daardie Koninkryk om in die aarde te kom soos dit in die Hemel is, wag vir die beloftes van God om vervul te word, Abraham se Saad.

196 Abraham het homself afgesonder van al die dinge van die wêreld, en in 'n vreemde land gewandel, bely dat hy 'n pelgrim was, 'n vreemdeling. Hy het nie aan hierdie plek behoort nie, hy het gesoek na daardie Stad, en hy het rondgedwaal deur die woestyne en dinge, op die uitkyk vir die Stad. En elke Saad van Abraham doen dieselfde ding, lê elke las af, en bely dat ons pelgrims is. Ons is nie kerklidmate nie, ons is pelgrims. Ons tree nie op soos die wêreld nie, ons is pelgrims en vreemdelinge, ons tree vreemd op vir die dinge van die wêreld. Ons soek 'n Stad, wie se Boumeester en Oprigter God is.

197 Ek vra jou, Christenvriend, vra jou, sondaarvriend, wat as jy sterwend was vanaand, kon Amerika jou red? Waar sal jy tienduisend jaar van vanaand af wees? Waar sal jy wees, miskien, jy in die oggend wees? Jou bestemming mag verseël wees vanaand, jy weet nie. Laat ek julle waarsku, maak reg met God. Kry 'n gees. . . Raak bekend met die Hemelse dinge van

daardie Gees wat neerdaal uit die Hemel waar heiligheid staan, waar Engele van God staan, waar Jesus Christus staan aan die regterhand van God in majesteit, en heerlikheid, heiligheid, en krag van God, dan wandel jy as 'n vreemdeling hier, omdat jy 'n vreemdeling hier is, jy nie van hierdie wêreld is nie.

198 "Julle is nie van hierdie wêreld nie, my kinders, en Ek is ook nie van hierdie wêreld nie. Ek bid vir julle." Sien, Jesus wat bid vir Sy Kerk, dat hulle nie van die wêreld sou wees nie. Hulle is nie van die wêreld nie, ek gee nie om nie, jy's nie Amerikaans nie, jy's nie Sweeds nie, jy's nie Europees nie, jy's 'n Christen. En as jy 'n Christen is, is jou gees van Daarbo, so dit laat jou heilig lewe, wil heilig wees, wil optree soos Christus, optree soos God. Jou hele begeerte is na die Hemel, en nie van die wêreld nie.

Nog een opmerking, as julle sal, net 'n oomblik. Ons het presies tien minute om betyds uit te kom.

199 Wat het toe met Lot gebeur toe hy sy keuse gemaak het? Wat het gebeur? Chaos het dadelik gekom. Wat was dit? 'n Paar konings het afgekom en Lot geneem, en hom geneem, Sodom, en hulle vroue geneem, en alles geneem, en weggegaan daarmee.

200 Hou Abraham nou in die 14de hoofstuk dop, die salige Gees van Christus op hom, hy het agter sy gevalle broer aangegaan. Die Gees van Christus op Abraham, hy het agter sy gevalle broer aangegaan, en hom teruggebring. Abraham, die prediker van geregtigheid, het agter sy gevalle broer aangegaan, die denominasionele broer, en hom teruggebring. Hom teruggebring sodat hy nog 'n kans sou hê, nadat Satan hom uitgeneem het, hom teruggebring om weer in gemeenskap te wees.

201 En watter—watter groot waarde het Lot daaraan geheg? Het hy voortgegaan met Abraham en gesê: "Vader Abraham, ek was verkeerd. Ek weet nou, ek het die seëninge gemis, ek is weggevoer daarbuite, het uitgegaan in die wêreld. Nou, ek het . . . Ek weet—ek weet jy—jy het my teruggebring, ek waardeer dit. Ek sal gaan en die weg kies saam met die Here se paar veragtes." Nee, hy het weer reguit teruggegaan in Sodom in, en daar, besoedel, in Sodom in. Is dit reg?

202 Maar hou vir Abraham dop, net ter afsluiting nou, wat 'n pragtige ding was dit! Toe Abraham teruggekeer het van die slagting van die konings af, kyk wat gebeur het: Melgisédek het uitgekom om hom te ontmoet. Melgisédek, wat die Koning van Salem was, die Koning van vrede, die Koning van geregtigheid.

203 Wie was Hy? Hy het geen vader gehad nie, Hy het geen moeder gehad nie. Hy was nie Jesus nie, want Jesus het beide vader en moeder gehad. Maar hierdie Man het geen vader gehad nie, geen moeder gehad nie. As julle dit wil nagaan, neem Hebreërs, 7de hoofstuk. Hy het geen vader gehad, geen moeder nie, het nooit die Lewe begin nie, en het nooit die Lewe beëindig nie. Hy was die Koning van Salem, wat die Koning van Jerusalem

was, wat Koning van vrede is, wat Koning van geregtigheid is. Sonder moeder, sonder vader, sonder herkoms, met geen begin van jare, of einde van Lewe nie.

204 Hy was God, Dit was beslis. Hy het afgekom in die vorm van Melgisédek, en Hy het Abraham ontmoet (Kyk, hierdie is 'n pragtige deel.) na die stryd verby was.

205 Abraham, die prediker van geregtigheid, wat in die formele ingegaan het, en—en uit in die goddelose ding, en sy broer gegryp het, om hom terug te bring: "Kom terug, Broer, kom terug!" Het dit Abraham se herlewing enigsins gehelp? Nee, Lot het weer reg oorkant in Sodom geval, daar het hy omgekom in skande saam met sy dogters, ensovoorts, hy het daar omgekom.

206 Maar na Abraham, die ware, regverdige een van God, toe hy die herlewing gehad het, en na die stryd verby was, het Melgisédek hom ontmoet, en Abraham het Hom 'n tiende van die buit gegee. En wat het Melgisédek hom bedien? Wyn en brood, die Nagmaal, na die stryd verby was.

207 Jesus het gesê: "Ek sal dit nie weer saam met julle eet, totdat Ek dit opnuut saam met julle eet in My Vader se Koninkryk nie." Wanneer die stryd verby is, dienskneg van God, eendag Melgisédek, die groot Koning van vrede, die groot Koning van die Hemel, sonder vader, sonder moeder, sonder begin van Lewe, of einde van Lewe, of, sonder begin van dae, of einde van Lewe, sal Hy ons ontmoet na die stryd verby is, en ons Nagmaal bedien.

208 O, Saad van Abraham, seën jou hart. Is julle nie bly dat julle 'n Saad van Abraham kan wees, 'n dienskneg van God wat veg teen die dinge van die wêreld nie? En, o, hoe laat dit jou hart voel om die einste kerk wat jy liefhet, te sien uitval in die wêreld! En jy reik uit daarna, en trek dit, soos *daardie*, en probeer dit skud, en dit wys, dit sal reguit terugdryf in dieselfde ding. Sien? Maar onthou:

> As die stryd verby is, dan kry ons daar 'n kroon!
> Dan kry ons daar 'n kroon! Ja, dan kry ons daar 'n kroon!
> En as die stryd verby is, dan kry ons daar 'n kroon
> In die nuwe Jerusalem.
> Dra die kroon, dra die kroon,
> Dra 'n blink en helder kroon.
> En as die stryd verby is, dan kry ons daar 'n kroon
> In die nuwe Jerusalem.

209 Daar onder in Kentucky, waar ek vandaan kom, die ou Sending Baptiste Kerk, die enigste verskil wat ek tussen hulle en Pinkster gesien het, was die aanvanklike bewys, van praat in tale. Ek sou daardie ou moeders sien, daardie ou hoede op, soos daardie, en ou haarnaalde bo in hulle hare, en soos daardie.

Hulle sou daar staan, en opstaan en dit sing, daardie ou hoede swaai, die trane wat teen hulle wange afloop, en skree en huil en visioene van God sien. "As die stryd verby is, dan kry ons daar 'n kroon!" Hulle wag daar in daardie ou sooi vanaand, iewers daaronder vir die opstanding, vir:

> Op die helder en wolklose môre as die dooies in Christus opstaan,
> En die heerlikheid van sy opstanding deel;
> As die gereddes van die aarde sal vergader oorkant aan die ander Kant,
> As die rol daar afgelees word. . .

210 Ek wil 'n paar gevegslittekens wys. Ek wil. . .Wil julle nie help om iemand gered te kry nie?

211 Eenkeer sou Caesar 'n groot fees en 'n groot parade hou, en hy het gesê: "Ek wil 'n man van eer kry om langs my te sit en ry." Al die offisiere het hulle—hulle skilde gepoleer, en hulle pluime geknip, en hulle swaarde baie blink gemaak, en hulle het langs Caesar gemarsjeer soos *hierdie*, met hulle groot, denominasionele klere aan, verbygeloop soos daardie, "Caesar, sien jy wie ek is?" Caesar het gesit en na hulle gekyk, na hulle gekyk.

212 Toe het 'n ou voetsoldaatjie verbygekom, gehawend en vol littekens, soort van met sy geboë hoof. Caesar het gesê: "Wag 'n oomblik. Kom hier." Gesê: "Waarom is jy so vol littekens soos daardie." Gesê: "Waar het jy daardie littekens gekry?"

Gesê: "Buite op die slagveld, aan die veg vir u."

Gesê: "Klim hier op, jy's die een wat langs my sal ry." Dis reg.

213 Paulus het gesê: "Ek dra in my liggaam die merke van Jesus Christus." As die stryd verby is, wanneer ons. . .eendag sal ons die laaste preek preek, die Boek afsluit vir Sy laaste keer, die laaste lied sing, die laaste gebed bid, en wanneer dit is, sal die stryd vir my eendag eindig, die stryd sal eindig vir julle, moenie bekommerd wees nie, want dan sal ons Melgisédek ontmoet, die groot Hoëpriester, die groot Hoëpriester van God, ons Here Jesus Christus, Wat vir ons Nagmaal sal bedien, gaan sit na die stryd verby is. Terwyl dit tyd is, laat ons daardie Lotte gryp, en dinge, wat ons kan, en hulle uit Sodom probeer trek, want ons—ons moet dit doen.

214 Mag die Here julle seën terwyl ons ons hoofde net 'n oomblik buig vir gebed. Terwyl julle julle hoofde gebuig het en julle oë toe, wil ek graag vir julle een opregte vraag vra, julle net een ding vra: Is jy 'n Christen? As jy nie is nie, sal jy jou hand opsteek? Sê: "Broer Branham, ek het langs die pad geval, ek wil graag terugkom na God. Ek wil graag—ek wil graag my gemeenskap hernu. Ek het afgegaan in Egipte, ek—ek's. . .ek wil vernuwe word, ek wil terugkom in die beloofde land. Bid vir my, Broer

Branham, vanaand, terwyl jy afsluit." Sal jy jou hande opsteek? God seën jou. God seën jou. God seën jou. Op die balkon? God . . .

215 Is iemand bo in die balkon wat sou sê: "Broer Branham, ek het eenmaal die oorwinning gehad, ek was eenmaal 'n goddelike persoon, maar op *een of ander manier* het die onkruid, en die dorings, en dinge my versmoor, ek is nie waar ek behoort te wees nie, ek weet ek is nie, bid vir my, Broer Branham"? Goed. God seën jou, meneer. God seën jou. Sou daar nog een wees?

216 Is daar een hier wat nog nooit vir Christus gestaan het nie, niks weet van wedergebore te wees nie, nog nooit die Heilige Gees ontvang het nie, jy's nie 'n kind van God nie, en jy weet as God vanaand sou kom, Jesus na die aarde toe sou stuur, dat jy beslis nie saam met Hom in die Wegraping sal gaan nie, en jy wil onthou word in gebed as 'n sondaar? Sal jy jou hande opsteek, en sê: "Bid vir my, Broer"? God seën jou, jong kêrel. God seën jou. Dis goed, dis goed. God seën jou. Daar nog een wees wat jou hand sal opsteek, sê: "Bid vir my, Broer Branham, ek—ek wil nie hierdie wêreld so verlaat nie"?

217 Nou, kyk, maak nie saak wat jy ooit in die lewe doen nie, jy moet dit net hier op aarde los, dis net wat jy voor jou uitstuur, in Heerlikheid, wat tel. En as jy nie 'n Christen is nie, waarom nie net soveel doen as jou hand opsteek nie?

218 Ek het 'n tienerseun gesien, reg op hierdie tyd, waar die kruispaaie van die lewe, hulle hand opsteek: "Ek wil Jesus ken as my Verlosser." Bid dat God 'n prediker van die seun sal maak.

Sien 'n jong dame daaragter haar hand opsteek, net 'n tienermeisie.

219 Net toe alles, net hier in die gemors van hierdie konglomerasie van sonde en dwaasheid van die wêreld, en tog 'n jong man en 'n jong vrou wat hulle hande opsteek: "Ek wil Jesus ken as my Verlosser." Hmm! Die Heilige Gees ken Sy Eie. Nou, jy kon dit nie doen nie, Broer, ook kon jy dit nie doen nie, Suster, sonder dat God met jou gepraat het, daar's *iets* daar.

220 Nou, onthou, toe jy jou hand opgesteek het, het jy elke wetenskaplike reël gebreek wat die wetenskap ooit gehad het. Wetenskap sê dat jou hande moet afhang, swaartekrag hou jou hande onder, soos dit jou op die aarde hou. So toe jy jou hand opgesteek het, het dit gewys dat daar 'n gees in jou was wat swaartekrag kon teëgaan, daar's 'n gees in jou wat 'n besluit geneem het: "Ek wil Christus ken," en jou hand het opgegaan na jou Maker.

221 Jy kan dit nie doen sonder dat Hy jou bystaan nie: "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader hom eers trek nie. En almal wat die Vader My gegee het, sal na My toe kom; en wie na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie. Ek sal hom ewige Lewe gee, en hom oprig in die laaste dag." Wat 'n belofte! Wat jy gedoen het toe jy jou hand opgesteek het, dit was vir God.

222 Nou, terwyl ons ons hoofde buig vir gebed, as julle gelei voel om 'n bietjie nader aan God te kom, as julle wil hê ons moet saam met julle bid, as julle dophou, en julle sal sien in die genesingsdienste, terwyl Hy die harte van die mense ken, die blindes laat sien, die dowes laat hoor, die verlamdes laat loop, verlossing gee, Hy's dieselfde God, vanaand. Sal jy hier opstap na die altaar toe? Kan jy hiernatoe loop, en sê: "Broer Branham, ek aanvaar Hom nou, die grootste ding wat gedoen kan word, ek wil Christus as my Verlosser aanvaar," terwyl ons bid?

223 Ons Hemelse Vader, die Woord is skerp, waarlik, Here, en Dit sny, maar die mense het net so geduldig en sagmoedig gesit. En, Vader God, lê hierdie fondament neer om hierdie Christene te laat weet dat hulle nie hulle verbond verloor het nie, dit is onvoorwaardelik aan hulle gegee, maar hulle sal hulle beloning verloor as hulle nie terugkom in die beloofde land nie.

224 Die vreugde verloor, die wêreld het begin insluip in die kerk, ons sien hoe dit raak. En dis volgens U Woord, daar's geen manier wat ons dit kan stop nie, Vader. Maar ons probeer diegene kry wat gewillig is om te kom, want ons glo hierdie is die elfde-uur oproep, die middernag uitroep is gereed om gemaak te word. Wetenskap sê dis minder as drie minute voor middernag, wanneer die hele wêreld opgeblaas sal word. Wat as 'n fanatikus een van daardie bomme sou loslaat vanaand, en dit sou in een van die radarskerms inkom? Elke nasie in die wêreld sou bomme loslaat. Die wêreld kan dit nie oorleef nie, Vader.

225 Maar voor dit gebeur, het U 'n belofte gemaak dat ons weg sou wees. So as dit kon gebeur voor die oggend, die Spoetniks, en die wêreld kon tot 'n einde kom, net binne 'n oomblik, en ons sien dit wetenskaplik, dan as dit so naby is, hoe naby is die Koms? wanneer dit voor dit sal kom, die Wegraping van die Kerk. Ons sal nie die oordele hoef te verduur nie, U het daarvoor betaal vir ons. Ons is in U, vry van oordeel: "Wanneer Ek die Bloed sien, sal Ek by jou verbygaan."

226 Vader God, seën U Kerk, en laat hulle weet dat—dat ons met ons hele hart probeer om 'n ware Pinksterkerk te sien, gevul met U Gees, wat wonderwerke en tekens doen. Baie van hulle het hulle hande opgesteek vanaand, in getuienis dat hulle afgedwaal het van die ou pad. Ek bid, Vader, dat U hulle sal terugbring, vanaand, uit Egipte, uit die knoffel en prei van Egipte, om Engelekos hierbuite in die woestyn saam met God te eet. Skenk dit, Vader. Ons is op ons reis na die Heerlikheid.

227 Ek bid, Vader, vir hierdie jong man en jong vrou wat hulle hande opgesteek het vanaand, hierdie tienerseun en tienermeisie. O God, daardie teer harte, ek bid dat U hulle sal ruk uit die vure van die Ewigheid. Skenk dit, Here. Mag hulle sagmoedig na U toe kom, en hulle lewens aan U offer. Skenk dit, Here, hulle behoort aan U. Op *een of ander manier* die harde en fel woorde

wat vanaand verkondig is, in die geloof dat ek gelei is om te doen en sê wat ek doen en sê vir. . . deur U Gees, ek bid, Vader, dat U hulle nou sal seën, en mag hulle sagmoedig na U toe kom. Skenk dit, deur Jesus Christus.

228 Terwyl ons bly met ons hoofde gebuig, wil ek een koortjie sing, *Ek Kan Hoor My Heiland Roep My*. En nou as jy hier wil opstap, en ons persoonlik saam met jou wil laat bid, sal ons dit graag doen. Hou net julle hoofde gebuig, al die Christene wat weet hoe om te bid, bid.

Ek kan hoor my Heiland roep my,
Ek kan hoor my Heiland roep my,
Ek kan hoor my Heiland roep my,
"Neem jou kruis, en volg, volg vir My."

Waar Hy my lei, daar sal ek. . .

Sal jy dit doen? Sal jy hiernatoe kom saam met hierdie bejaarde man?

Waar Hy lei, daar sal ek meegaan,
. . . Hy lei, daar sal ek meegaan,

Sondaarvriend, sal jy kom?

. . . Hy lei, daar sal ek meegaan,
Ek gaan met Hom, met Hom, heel die weg.

Waar Hy lei. . .

229 Sal jy kom? Kniel net, buig. . . Julle kinders, Saad van Abraham, wat 'n klein, wêreldse reisie onderneem, en afgegaan het in Egipte, ons vra julle nie om by hierdie kerk aan te sluit nie, nou, ons vra julle om terug te kom na die belofte. Sal julle? Kom terug.

230 Julle jong vroue hierbuite, julle eie moeders het altyd daardie ondervinding gehad waarvan sy gepraat het, julle het haar gehoor toe sy gehuil en by God gesmeek het, miskien het jy haar na die graf toe gevolg, daardie moeder sal verbaas wees as jy nie Daar is nie, kom nou, sal jy? Sondaarvriend, vind jou weg op na die altaar, vanaand.

. . . met Hom, met Hom, heel die weg.

Ek gaan met Hom deur die tuin heen,
Ek gaan met Hom. . .

As jy saam met Hom deur die tuin sal gaan, waarom nie saam met Hom na die altaar toe kom nie?

. . . tuin,
Ek gaan met Hom deur die tuin heen,
Ek gaan met Hom, met Hom, heel die weg.

231 Terwyl julle is, julle hoofde gebuig het, nou hierdie jongman, en hulle het opgekom na die altaar, gekniel. Nou, ek wonder hoeveel hierbinne, as sommige van julle Christene nog steeds 'n

las vir verlore siele het. Nou, as daar nog sondaars is, of nog enige wat God soek, sal julle kom?

232 En julle wat nou geïnteresseerd is in die siele van hierdie mense, wat die Heilige Gees na die altaar toe gebring het, sal julle opkom? Party van julle moeders en vaders, sit julle arms om hierdie kinders, en wys hulle dat julle hulle liefhet, en julle wil hê hulle moet burgers van die Koninkryk van God wees. Sal julle kom, terwyl ons weer sing: "Ek gaan met Hom, heel die weg"? Sal julle rondom die altaar kom kniel?

Sondaar, kom nou saam met hulle; afvallige, kom julle ook saam met hulle. Kom net, kniel rondom die altaar, as julle sal.

Ek gaan met Hom deur die oordeel,
Ek gaan met Hom deur die oordeel,
Ek gaan met Hom deur die oordeel,
Ek gaan met Hom, met Hom, heel die weg.

233 Nou, nie om terug te praat met die kerk nie, maar ek wil net vir julle Christene wys wat ek bedoel: Met sondaars op die altaar, met ten minste driehonderd mense hier wat hulle hande opgesteek het dat hulle Christene was, en ek wat gesmeek het vir mense om na die altaar toe te kom, en omtrent twee of drie het gereageer. Sien julle nie die kerk is dood nie? Daar's geen ambisie meer in die kerk vir verlore siele nie.

234 As dit sou wees in die ou Sending Baptiste Kerk onder in Kentucky, toe daardie vrou daaragter opgestaan het om na die altaar toe te kom, sou daar vyftien of twintig van daardie ou moeders daar rondom haar gewees het, wat skree en huil en God dank vir haar. Sien, ons het ons belangstelling verloor, ons het koud geword en weggekwyn, wag net vir die oordeel, dis al, wat uitgestort sal word.

. . . deur die oordeel,
Ek gaan met Hom, met Hom, heel die weg.

En . . . Hy lei, daar sal ek meegaan,
Waar Hy lei, daar sal ek . . . ( . . . ? . . . )
Waar Hy lei, daar sal ek meegaan,
Ek gaan met Hom, met Hom, heel die weg.

Terwyl die musiek aanhou speel, laat ons dan ons hoofde buig vir gebed.

Nou, rondom die altaar, lê julle hande op daardie kinders, op daardie mense. Laat ons ons hoofde buig.

235 Here Jesus, kom, genadige God, kom gou, Here. Ek glo dat die ure omtrent verby is, die herlewing in Amerika verby is, ons tel net are op, op die lande van 'n herlewing wat klaar gebrand het.

236 Here Jesus, ek bid dat hierdie kinders wat rondom die altaar gekom het vanaand, dat die Heilige Gees 'n eerlike hart kon vind, en hulle na die altaar toe kon trek. Daar staan geskrywe in U

Woord: "Hy wat na My toe kom, sal Ek op geen manier uitwerp nie." Stuur U Heilige Gees op hulle, Here. Seën hulle, bid ek, Vader. Gee hulle die doop van die Heilige Gees, vergewe hulle sondes.

237 Vergewe die oortredinge van die kerk en die mense, dat ons 'n kerk kan wees wat aan die brand is, Here. Nie net 'n denominasionele baster nie, maar 'n—'n werklik wedergebore seun en dogter van God. Skenk dit, Here. Stuur vir ons 'n herlewing, of vee ons van die aarde af, Here, dis ons gebed. Laat die herlewing kom, of neem ons weg, Vader, ons harte kan dit nie verduur nie.

238 Stuur ons aan die brand na die sendingvelde, waar tiene van duisende wag om een woord van Jesus te hoor, wat die altaar sou toestroom, skree en roep om genade; en, vanaand, in ons eie tuisland, dood, verstyf, gedaan, klaar opgetel, uitgebrand, onder in Egipte, meegevoer deur allerhande begeerlikhede, nooit in staat om te leer, of tot die kennis van die waarheid te kom nie.

239 Vader God, red hulle wat redbaar is, bid ek, soos ek afgaan om hande op hulle te lê. Mag die Heilige Gees kom, Here, hierdie jongmense wakker maak, in die Naam van Jesus Christus, terwyl ons bid.

240 Hou aan bid, Pastoor. Ek gaan af om vir hulle te bid. [Broer Branham bid vir hulle by die altaar. Die pastoor lei die diens—Red.]

> . . . met Hom, heel die weg.
>
> Waar Hy lei, daar sal ek meegaan,
> Waar Hy lei, daar sal ek meegaan,
> Waar Hy . . .

Dis reg, jongman, steek jou hande op, en glo Hom, aanvaar Hom. Dis die Heilige Gees daar by jou.

> Ek gaan met Hom, met Hom, heel die weg.

241 Wat het jou na die altaar toe laat kom? God het jou na die altaar toe gebring. Wat kan jy doen behalwe om jou sondes te bely? Hy wat sy sondes sal bely, God is regverdig om hulle te vergewe. Glo nou in die Here Jesus Christus, aanvaar Hom as julle persoonlike Verlosser, weet dat Hy julle sondes vergewe.

Jongman, die Here Jesus vergewe jou jou sondes, as jy Hom sal aanvaar as jou Verlosser. Jy kon nie self na die altaar toe kom nie.

Dame met jou hand op, jy kon nie met jou eie krag kom nie.

242 Meneer, kom jy in belydenis daar, eerste man wat na die altaar toe gekom het, aanvaar jy Jesus as jou Verlosser, en glo Hy kan jou gewoonte van jou af wegneem, en jou 'n nuwe skepsel in Hom maak? Aanvaar jy Hom nou as jou Verlosser? Het jy wat

jou hand opgesteek het, aanvaar jy Hom as jou Verlosser, in die geloof dat Hy jou die doop van die Heilige Gees sal gee?

243 Doen jy dit, jongman, dieselfde ding? Aanvaar jy Hom as jou persoonlike Verlosser? Steek jou hand op, sê: "Hy's myne. Ek glo nou in die Here Jesus Christus." Dis reg. Dis die manier. Dis reg, dis die manier om dit te doen.

244 Die res van julle hier om die altaar, kan julle in Hom glo, glo dat Hy julle op Sy Woord neem? Hy neem jou. . . Wat jy ook al aan Hom bely, glo dat Hy dit sal doen, Hy is regverdig en getrou en gereed om dit te doen.

245 Glo julle dit? As julle dit glo, staan op julle voete. "Hy wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor My Vader en die heilige Engele." Dis reg. God seën julle. Amen. Daar's julle belydenis. Prys God. ("As die stryd verby is, dan kry ons daar die kroon." "As die stryd verby is, dan kry ons daar die kroon.")

> En as die stryd verby is, dan kry ons. . .

Kom nou rondom die altaar, skud hande met hierdie mense. Kom rondom, skud hande met hulle.

> . . . dan kry ons daar 'n kroon,
> En as die stryd verby is, dan kry ons daar die kroon
> In die Nuwe Jerusalem.
> Dra 'n kroon dra, dra 'n kroon,
> Dra 'n blink en helder kroon.
> En as die stryd verby is, dan kry ons daar 'n kroon,
> In die nuwe Jerusalem.

246 Wil julle iets vra. Solank jy mense na die altaar sien kom, regkom met God, is daar nog hoop vir ons. Nou, kyk, wat kon hierdie mense doen? "Wat kan my sondes wegwas? Niks anders as die Bloed van Jesus nie." Wat het hulle na die altaar toe gebring? "Niemand kan na My toe kom, as My Vader hom nie eers trek nie." God het hulle getrek. Wat kan hulle doen? Kom en bely: "Ek's 'n sondaar. God vergewe my om Christus' ontwil. Ek sal U s'n wees, wees U myne." Draai dan na die publiek, en sê: "Ek aanvaar Jesus as my persoonlike Verlosser, Hy's myne."

"Hy wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek bely voor My Vader en die heilige Engele."

247 Julle, vanaand, wat na die altaar toe gekom het wat Hom wil aanvaar en glo, en Hom aanvaar het, en van hierdie uur af belowe dat julle vir Hom sal lewe, draai om na die gehoor en steek julle hande op. Elkeen van julle kom na die altaar toe, hierdie jong man, die jong dame, hier onder, en die ouer man, steek julle hand op, sê: "Ek glo nou, ek aanvaar Hom."

248 Nou, ek wil hê die kerk moet kom, handskud met hulle en vir hulle sê dat julle bly is dat hulle Christene is. Kom rondom, julle

kan soveel doen, dit sal julle net ’n sekonde neem. Skud hand en sê vir hulle jy’s bly, jy sal vir hulle bid.

Kies die kerk van julle keuse.

En as die stryd verby is, dan kry ons daar . . .

Julle sal ook Nagmaal kry, as die stryd verby is.

. . . die kroon, ja, dan kry ons daar . . .

Nou gee ek die diens aan julle pastoor.

. . . stryd verby is . . .

God seën julle.

61-0209 Jehova-Jireh
Eerste Gemeente Van God Van Long Beach
Long Beach, Kalifornië V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

## Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org